Instagram YouTube Twitter Facebook www.afriforum.co.za

AfriForum

# FORUM

www.forumtydskrif.co.za | November 2022


AfriForum Tydskrif

# ONS BOU vir die toekoms



ISSN 2313-1144
9 772313 114002
R15,95 (BTW ING.)
Gratis aan lede

Shammah
CONFERENCE VENUE



# SLEGS GROEPBESPREKINGS

GEEN DAG BESOEKERS NIE






**WILDLEWE**

**2000** hektaar - Geniet die natuurlewe, **asemrowende** landskappe en aktiwiteite

**JAG**

Ons het meer as **1000** wildsbokke op die plaas

**AKKOMMODASIE**

**Luukse** akkommodasie in die hartjie van die natuur

**KERKGROEPE**

Kom **bymekaar** vir lof & aanbidding

**GIDEON:** +27 83 647 4788 | **NICK:** +27 83 212 4590
**EPOS:** bookings@shammahgamelodge.co.za
**WEBWERF:** www.shammahgamelodge.co.za




# Verkies jy *Forum Tydskrif* digitaal óf gedruk?

**Dateer jou inligting dringend op en laat weet ons! Kies een van dié opsies:**

1. Skandeer die QR-kode en volg die instruksies.
2. Skakel AfriForum by **086 10 200 30** en kies **opsie 2** om jou adres vir die tydskrif op te dateer.
3. Stuur 'n e-pos met jou korrekte adres en voorkeur om die tydskrif te lees (gedruk of digitaal) na **navrae@forumtydskrif.co.za** of **ledesake@afriforum.co.za**.
4. SMS jou naam na **42311** en ons skakel jou terug.
5. WhatsApp die woord "Tydskrif" na **087 240 6903** en volg die instruksies.
6. Gaan na **www.afriforum.co.za/afriforum-ledeadresbywerking** om jou inligting reg te stel.

# Binnekant

Forum Tydskrif | November | Uitgawe 28













**34** Interkulturele samewerking

**36** Tehuisbewoners kry hulp

**38** Flinkdinkers

**40** Maroela Media

**42** *Die val*-film

**44** AfriForumTV

**47** Hulp vir beskadigde kerk

**49** *Tuiskoms*

**50** Boek vir Ramaphosa

**51** Entrepreneur van die Jaar

**54** Boere en hul regte

**55** Trauma-ambassadeurs

VERSPREIDING
On the Dot

DRUKWERK
Novus Print

UITGEWER
AfriForum

## DIE SPAN

**Redakteur**
Alet Rademeyer
**Kommunikasiebestuurder**
Marina Wiese
**Joernaliste**
Carina Bester
Marthinus Koekemoer
**Subredakteur**
Anton Wilson
**Advertensies**
Denise Viljoen
denise.viljoenx1@outlook.com
**Grafiese kunstenaars**
Thomas Snyman
Simoné Perry
Talia du Plessis
**Rekeninge**
William Waugh
**Medewerkers**
Kallie Kriel
Ernst Roets
Flip Buys
Jacques Broodryk
Ilze Nieuwoudt
Sue-Ann de Wet
Alana Bailey
Natasha Venter
Louis Krouwkamp
Sanderien van der Walt
Chanté Kelder

*Forum Tydskrif* sal in Maart 2023 digitaal per WhatsApp aan lede gestuur word totdat daar 'n duidelike aanduiding is van hoeveel lede die gedrukte kopie verkies en hoeveel dit eerder aanlyn wil lees by **www.forumtydskrif@afriforum.co.za**. Volg asseblief die aanwysings op bl. 3 om jou inligting op te dateer.

VOORBLADFOTO: NIEL DE KLERK

Forum Tydskrif het die ABC se eienaarlidmaatskapstatus verkry

**AfriForum-hoofkantoor**
H.v. D.F. Malanrylaan & Unionweg,
Kloofsig, Centurion
**Tel:** 086 10 200 30
**Faks:** 012 664 1281
**Web:** www.afriforum.co.za
**E-pos:** navrae@forumtydskrif.co.za

# Redakteursbrief

Alet Rademeyer – redakteur @AletRademeyer

In hierdie laaste uitgawe van *Forum Tydskrif* vir 2022 kom ons vir 'n oomblik tot stilstand om in oënskou te neem waarmee ons die afgelope jaar so ontsettend druk besig was en gekonfronteer is.

Dit was 'n jaar van baie groot uitdagings waarin ons ons moes staal teen soveel aanhoudende aanslae op ons as minderheidsgemeenskap. 'n Jaar waarin die onbeholpe en vyandiggesinde ANC-regering meedoënloos voortgestrompel het om hul eie belange ten koste van landburgers s'n te dien. Korrupsie, wanbestuur, staatsverval en die ineenstorting van infrastruktuur en dienste het ongekende hoogtes bereik.

Dit het enorme druk op ons mense geplaas wat toenemend moes inspring en selfdoen.

Gemeenskappe weet as hulle nie self bou en regruk nie, alles nog vinniger tot niet sal gaan. En ons mense het dié verantwoordelikheid opgeneem en uitvoering daaraan gegee.

In hierdie uitgawe bring ons eer aan elke AfriForum-lid en -vrywilliger, oud en jonk, wat in sy of haar gemeenskap en dorp opgestaan en gesê het: Ek sal.

Ons mense het nie net weer hul toekoms in eie hande geneem nie. Deur elke daad is ons karakter en selftrots ook opgebou sodat ons onomwonde kan sê: Ons sal nie gaan lê nie.

Inteendeel, ons toekoms is vir ons veel groter as die onmiddellike probleme.

In hierdie uitgawe fokus ons ook op die ontwikkeling en vooruitgang in Orania, een van die bene van die Solidariteit Beweging se sewebeen-federale toekomsplan. Orania is 'n gebied waar Afrikaners in die meerderheid is en dit laat vir diegene van ons wat hierdie ideaal nastreef groter federale opsies waar beheer nie



> **Deur elke daad is ons karakter en selftrots ook opgebou sodat ons onomwonde kan sê: Ons sal nie gaan lê nie.**

net tot kulturele infrastruktuur beperk is nie, maar ook fisiese infrastruktuur soos riool en paaie ook beheer word.

In dieselfde asem wat ons dit sê, is dit net so belangrik dat ons aan ankergemeenskappe in dorpe en binne stede bou wat sterk en selfstandig is. Sterk en selfstandig op verskeie terreine soos veiligheid, maatskaplik, onderwys en gemeenskapsekonomie.

Die sleutel tot 'n vry, veilige en voorspoedige toekoms aan die suidpunt van Afrika lê in die federale plan wat moontlikhede, geleenthede en vooruitgang vir al ons mense moet en kan ontsluit.

Nie almal identifiseer noodwendig met al die komponente van die federale plan nie. Dit is egter ook nie 'n voorwaarde vir die sukses daarvan nie. Afrikaners is teen hierdie tyd deeglik bewus dat hulle nie oor alles en met almal hoef saam te stem nie. Waaroor hulle wel eensgesind is, is dat hulle saamgebind word deur die soeke na blywende oplossings vir hul voortbestaan.

Afrikaners is ook nie so naïef as om te dink dat hulle in totale isolasie oplossings vir hul bestaanskrisis kan vind nie. Daarom beywer AfriForum hom ook deurlopend vir die vestiging en daarstel van 'n netwerk van kultuur- en ander gemeenskappe. Wedersydse erkenning en respek is nie onderhandelbaar op die weg na 'n beter môre nie. Dit is in elk geval ook ten grondslag van ons Christelike karakter, naamlik dat dit wat ons vir onsself gun, ons ook vir ander gemeenskappe gun.

Terwyl ons dan met hierdie wesenlike én uiteenlopende planne vir die toekoms besig is, is dit hier aan die einde van nog 'n jaar sekerlik gepas om te onthou dat niks van dit waarmee ons besig is of wat ons tot stand bring uit eie krag is nie. Was dit nie vir die genade van die Here nie, was ons nie waar ons vandag is nie. En dit is vir vandag én gister waar.

As ons baie dae moeg en uitgeput raak, is dit goed om te onthou: Ons ouers en voorgeslagte was ook al hier. Hulle bestaan is ook beproef. Dit het hulle egter nie gebreek of in blywende wrewel laat verval nie. Nee, hulle het opgestaan en ondanks merke van trauma gekies om nie slagoffers te wees nie. Hulle het hand aan die ploeg geslaan, in geloof gesaai en later die vrug van hul arbeid gesien en geniet.

Ons sal weer by 'n beter toekoms uitkom as ons getrou is en aan dié belofte vashou.

Ek wens al ons lede 'n baie geseënde Kersfees en voorspoedige nuwe jaar toe.

**Jes. 65:21–22**

En hulle sal huise bou en bewoon, en wingerde plant en die vrug daarvan eet; hulle sal nie bou dat 'n ander dit bewoon nie, hulle sal nie plant dat 'n ander dit eet nie; want die dae van my volk sal wees soos die dae van die bome, en my uitverkorenes sal die werk van hul hande self geniet.

MENGSEL
Papier van verantwoordelike bronne
FSC® C022948
FSC www.fsc.org

Volhoubaarheid van ons natuurlike hulpbronne is vir AfriForum baie belangrik en daarom het ons besluit om voortaan slegs papier te gebruik wat plaaslik en op 'n volhoubare en verantwoordelike wyse verkry en vervaardig is. Net soos ons oorlewing, taal en erfenis vir AfriForum ononderhandelbaar is, wil ons ook die mooi om ons vir ons nageslag bewaar en behoue laat bly. Nóg 'n manier waarop AfriForum langtermynwaarde vir ons lede én die land ontsluit.

# Wat sê *Forum*-lesers?

## JOHANNES LEMMER

Ons het ons harde kopie (*Forum Tydskrif*), asook ons digitale uitgawe in Julie laas gekry. My geliefde wederhelfte wil graag die harde kopie ontvang. Ek geniet dit self ook baie meer. Moet ek my bydrae verhoog om dit winsgewend vir julle te maak om dit te kan ontvang? Ek sal dit doen. Ek is 'n besigheidsman en wil hê u moet winsgewend en voorspoedig wees. Wat is die gemiddelde maandelikse bydrae, ongeveer, wat u ontvang? Die antwoord sal my help om te bepaal wat ek behoort by te dra. Kennis gee mag. (Om te verseker dat u gereeld die gedrukte uitgawe ontvang moet u asseblief u adres opdateer. Sien op bl. 3 hoe u dit kan doen. – **Redakteur**)

## MARILYN VAN DER WESTHUIZEN

Ek is 'n "eerste keer"-leser van AfriForum se tydskrif. Die tydskrif het saam met die koerant gekom. Nog nooit voorheen gesien nie. Ek is 'n Engelssprekende persoon en is baie beïndruk met die tydskrif. Ons koop die *Sunday Times* by Dolf se Plek in Petrusburg. Ek hoop om die tydskrif weer te ontvang en wil dit ook nie digitaal ontvang nie, maar op papier. Die koste van data is buitensporig hoog omdat korrupte persone hulle vingers nie kan weghou van geld wat nie vir hulle bedoel is nie. Dit is 'n jammerte dat Suid-Afrika regeer word deur onbevoegde persone. Totdat lede van die ANC van hulle trone afkom en van hulle eie "belangrikheid" afsien, is Suid-Afrika 'n donker, verlore en nuttelose land. Dankie vir 'n puik tydskrif!

## Geluk!




Ernst Roets, hoof van Beleid en Aksie by AfriForum, het in September die graad Legum Doctor (LL.D.) tydens die Universiteit van Pretoria (UP) se gradeplegtigheid ontvang. Roets het sy doktorsgraad in regsfilosofie onder leiding van prof. Koos Malan by die Departement Publiekreg voltooi. Sy proefskrif handel oor die betekenis van vryheid.

## YVONNE DE FREITAS

Kan *Forum Tydskrif* asseblief by my afgelewer word? Ek het die Julie-uitgawe so geniet en aan senior burgers versprei wat dit graag lees. Ek is trots om 'n Afrikaner te wees en het aangesluit omdat Steve Hofmeyr dit aanbeveel het.

## KALLIE KRIEL

Kyk hierdie kostelike antwoord van 'n gr. 3-dogtertjie. AfriForum se selfdoenstrategie vind aanklank by oud én jonk. Ek is ook bly haar juffrou het dit reg gemerk. #OnsSalSelf






DIE HELPENDE HAND STUDIETRUST

# Die Solidariteit Helpende Hand Studietrust

**Die hart van die Helpende Hand Studietrust (HHS) word weerspieël in die kragtige simboliek van die visie:** *"Sewe Generasies van Hoop gegrond in Studie".*



**"Die karakter van 'n volk lê in hoe die uitdagings van die hede hanteer word."**

**~ Hannes Noëth**

Uitvoerende direkteur van Solidariteit Helpende Hand

Daarom is die HHS dié meganisme en platform om die jeug te bemagtig en voor te berei om sosio-ekonomiese uitdagings deur studie die hoof te bied, én hulle roeping te vervul!

Die HHS, 'n inisiatief van **Solidariteit Helpende Hand**, is in 2009 gestig as platform vir donateurs om behoeftige Afrikaanse studente te help om deur middel van **rentevrye studielenings** te studeer. Dié model verskaf 'n volhoubare benadering met 'n kontinue sirkel wat voortdurend aan nog 'n student of studente die **geleentheid bied** om met 'n rentevrye studielening te studeer.

## *Maniere om* BETROKKE TE RAAK

- **Stig jou eie studiefonds**
- **Testamentêre bemaking**
- **Eenmalige of maandelikse skenkings met belastingvoordeel**
- **Skenk jou tweedehandse klere of huisraad aan 'n Ons Winkel**

### *KONTAK ONS*

(012) 111 8360

studietrust@helpendehand.co.za

www.hh-studietrust.co.za

### *ONDERSTEUN ONS:*

**Bankbesonderhede**
Die Helpende Hand Studietrust
FNB
Rekeningnommer: 623 314 47541
Takkode: 261550
Verwysing: ST/NK/U naam en van

SnapScan

# ONS BOU ...
## want elke geslag neem verantwoordelikheid vir sy eie tyd

Kallie Kriel – uitvoerende hoof van AfriForum




Wyle prof. Carel Boshoff het tydens sy leeftyd telkens daarvoor voorspraak gemaak dat "elke geslag verantwoordelikheid vir sy eie tyd moet neem". Boshoff se leuse van dekades gelede is vandag nog net so geldig.

Dit was natuurlik ook geldig oor al die eeue waartydens die Westerse samelewings ontwikkel en vooruitgegaan het. Die denker Edmund Burke het byvoorbeeld in die 18de eeu ook geskryf dat die samelewing "'n kontrak is tussen dié wat reeds dood is, dié wat lewe en dié wat nog gebore moet word".

Net so is ons as huidige geslag Afrikaners en Afrikaanssprekendes 'n sleutelskakel tussen die geslagte wat ons voorafgegaan het en die geslagte wat kom. Dit gee sin aan die lewe om te weet dat elkeen van ons nie net 'n ongebonde individu is wat toevallig hier is nie, maar dat elke geslag die geleentheid het om hulle roeping op te neem om te werk aan iets groter as hulleself, naamlik om soos Oom Paul Kruger gesê het te neem wat goed is uit die verlede en die toekoms daarop te bou. 'n Beter toekoms vir ons, ons gesinne, ons gemeenskappe en die geslagte wat kom.

### Voorspel die toekoms deur dit self te bou

Ons geslag word vandag gekonfronteer met 'n onwerkbare sentralistiese politieke bedeling wat in 'n korruptokrasie en kakistokrasie ontaard het. Die vraag is hoe ons geslag op die brouwerk wat ons om ons sien moet reageer. Ons kan toeskouers wees en net toekyk of ons kan self die toekoms bou wat ons vir ons en ons nageslag wil hê. AfriForum en die Solidariteit Beweging waarvan ons trots deel is, het laasgenoemde pad gekies, naamlik om self 'n beter hede en toekoms te bou. Alan Kay was in die kol toe hy gesê het dat die enigste wyse waarop die toekoms voorspel kan word is om dit self te bou.

> **"Opsommend is die kern van AfriForum se aktiwiteite dat gemeenskapsfederalisme gebou moet word deur die vestiging van sterk, selfstandige gemeenskappe en instellings.**

Dié kontrak waarna Burke verwys wat tussen ons geslag en vorige geslagte bestaan, beteken geensins dat ons geslag moet dink dat vorige geslagte supermense sonder foute was, wie se werkswyses almal slaafs nagevolg moet word nie. Die teendeel is waar. Ons geslag kan met waardering kennis neem van vorige geslagte se talle suksesse en natuurlik ook die foute wat gemaak is beoordeel met inagneming van die konteks van die tyd waarin hulle geleef het. Dit bied aan ons geslag 'n stewige platform vanwaar 'n nuwe toekoms gebou kan word met inagneming van vandag se werklikhede en uitdagings. Ons geslag is ook nie foutloos nie, maar gelukkig gee ons roeping aan ons as gewone mense die geleentheid om in moeilike omstandighede buitengewone suksesse te behaal as ons kies om met ywer en deursettingsvermoë te bou.

### Vernuwende denke en federale plan

Die vernuwende denke en energie van nuwe geslagte is onontbeerlik vir enige kultuurgemeenskap se vooruitgang. Dit geld ook vir



Afrikaners. Eens beproefde suksesvolle werkswyses van 'n vorige geslag kan soms klaaglik misluk in nuwe omstandighede. 'n Goeie voorbeeld hiervan in ons geskiedenis is genl. Piet Joubert. Joubert se briljante oorlogstrategie as kommandant-generaal van die Zuid-Afrikaansche Republiek (ZAR) het 'n sleutelrol gespeel om die Britte te verslaan tydens die Eerste Vryheidsoorlog wat in 1881 beëindig is. Met die verandering van omstandighede het dieselfde eens briljante generaal se leierskap byna twee dekades later tydens die Tweede Vryheidsoorlog op 'n laagtepunt geëindig. Die vernuwende denke van mense soos genl. De la Rey en andere het die Britte harde bene laat kou voordat hulle weens 'n oormag van getalle die oorhand kon kry.

Die nuwe omstandighede waarin ons geslag ons bevind vereis ook dat ons vernuwend dink oor hoe ons die huidige uitdagings van 'n mislukkende sentralistiese bedeling moet oorkom. AfriForum en die Solidariteit Beweging se sewebeen- federale toekomsplan bied 'n rigtinggewende plan aan die hand waarvan AfriForum, elke ander instelling van die Beweging en ander wat wil meewerk, op verskeie wyses en terreine kan bou.

### Só bou AfriForum sterk, selfstandige gemeenskappe

AfriForum bou op 'n veelheid van terreine. Die omvang hiervan is te groot om in hierdie artikel volledig uiteen te sit. Opsommend is die kern van AfriForum se aktiwiteite dat gemeenskapsfederalisme gebou moet word deur die vestiging van sterk, selfstandige gemeenskappe en instellings. Selfstandigheid vereis dat ons afhanklikheid van die staat soveel moontlik moet beperk en daarop fokus om deur 'n "Ons sal self"-ingesteldheid beheer oor ons toekoms te neem.

### ENKELE TERREINE WAAROP AFRIFORUM TANS SAAM MET GEMEENSKAPPE PRAKTIES UITVOERBARE PLANNE IMPLEMENTEER IS:

» **Gemeenskapsveiligheid**

AfriForum het reeds meer as 160 buurt- en plaaswagte landwyd waarin meer as 10 000 vrywilligers 'n sleutelrol speel om ons gemeenskappe veiliger te help maak. Ons veiligheidspesialiste werk saam met gemeenskappe om gebeurlikheidsplanne op te stel en bied talle opleidingsprogramme om goed opgeleide buurtwagte daar te stel. Die gebruik van tegnologie soos hommeltuie, slimkameras, beheerkamers en radionetwerke word goed aangewend om as vermenigvuldiger te dien in die beveiliging van ons gemeenskappe. AfriForum se privaat sekuriteitsmaatskappy sonder winsoogmerk, Forum Sekuriteit, versterk AfriForum se gemeenskapsveiligheidspan deur geakkrediteerde opleiding te kan bied en nuwe bevoegdhede tot die beskikking van ons veiligheidstrukture te stel.

» **Selfdoengemeenskappe**

AfriForum se plaaslike strukture speel 'n sleutelrol om deur selfdoenaktiwiteite selfstandigheid in ons gemeenskappe te bou. Omgewingsaangeleenthede, plaaslikeregeringsake, jeugontwikkeling en erfenisbewaring is van die terreine waaraan ons plaaslike strukture met groot sukses bou. AfriForum se diensleweringsmaatskappy sonder winsoogmerk, Pionier, het ook reeds in noodgevalle munisipale water- en rioolwerke bestuur, vullis verwyder en herwinningsaksies geloods. Hierdie vermoë om self dienste te lewer word tans verder uitgebou vir wanneer die geleentheid om self dienste te lewer homself voordoen, soos wat daar tans nuwe geleenthede vir privaat kragopwekking ontstaan het.

### Ons bou nie alleen nie

Met die omvang van die taak wat voorlê is dit hoopgewend om te weet dat AfriForum nie alleen bou nie. Daar is 'n rits bondgenote en vennote wat besig is om reusesukses te behaal in die projek om 'n toekoms te bou.

AfriForum se susterorganisasies in die Beweging bou op vele terreine. Op tersiêre onderrigvlak bied Sol-Tech en Akademia wêreldklas-gehalte-onderrig in Afrikaans aan deur onderskeidelik ambags- en universiteitsopleiding. Maroela Media is die grootste Afrikaanse mediaplatform in die wêreld en tel onder die topmediaplatforms in die land as na amptelike statistiek gekyk word oor die hoeveelheid artikels wat gelees word.

Die Skoleondersteuningsentrum (SOS) het reeds die virtuele Wolkskool ontwikkel en werk aan planne vir bekostigbare privaat skole. Helpende Hand se span maatskaplike werkers versterk gemeenskappe, terwyl hulle studiefonds jaarliks meer as R50 miljoen se studiehulp bied. Solidariteit se beroepsnetwerk ondersteun ons mense in die werkplek, terwyl die FAK sy merk maak op kultuurterrein. Kanton, die Beweging se eiendomsontwikkelinginstelling, bou fisies ruimtes soos Sol-Tech en Akademia om veilige ruimtes vir Afrikaans te skep.

Hierdie suksesse kan ons hoop vir die toekoms gee. Ons sal self, want ons kan self!


Kallie Kriel

Ek wil elke AfriForum-lid bedank vir sy/haar steun die afgelope jaar. Julle maak AfriForum sterk en sonder julle steun en met genade van Bo sou suksesse nie moontlik gewees het nie. Ek wens ook namens AfriForum vir almal van julle die Here se seën toe vir die komende Kerstyd. Mag elkeen inspirasie put uit die ware betekenis van Kersfees sodat ons ons roeping in 2023 ten volle sal kan uitleef.

# ONS BOU SELF!

Deur Flip Buys

Terwyl 'n reisiger deur 'n stad stap sien hy 'n messelaar wat besig is om te bou. "Wat bou jy?" vra hy die man. "Ek bou 'n muur," kom die antwoord. 'n Paar treë daarvandaan sien hy nog 'n messelaar wat aan dieselfde muur bou. "Wat bou jy?" vra hy. "Ek bou aan 'n katedraal," sê hy. 'n Derde messelaar kyk na die reisiger en antwoord voordat hy vra: "Ek bou aan die Christendom." Drie messelaars, dieselfde muur, verskillende antwoorde.

Die derde messelaar verstaan die groot prentjie en dit vuur hom aan om sy deel van die muur vinniger en beter as die ander twee te bou, want hy weet dit moet vir eeue sterk staan sodat die geslagte ná hom steeds verder aan die Westerse Christendom kan bou. Hy weet dat die katedraal nie maar net 'n gebou is nie, maar 'n tuiste, 'n simbool van 'n kultuur se vlak van ontwikkeling, 'n ruimte vir aanbidding en 'n monument vir die toekoms.

AfriForum is deel van die Solidariteit Beweging wat aan 'n tuiste en 'n toekoms vir Afrikaners bou om blywend vry, veilig en voorspoedig in Suider-Afrika te kan voortbestaan. Só sal ons terselfdertyd 'n volhoubare bydrae tot die welstand van die land en sy mense kan lewer.

Afrikaners het nie die land verlaat nie, maar die land het ons verlaat. Ons herken nie meer die land en voel nie meer tuis in 'n staat wat verval, waar ons selfs in ons huise en op plase onveilig is, waar korrupsie hoogty vier, waar onbevoegdheid beloon word, waar soveel van ons instellings oorgeneem is en waar daar 'n diskriminerende rassebedeling ingestel is wat ons en ons kinders benadeel nie.

## Klein republieke

Daarom is ons grootste uitdaging om weer tuistes te skep waar Afrikaners kan tuiskom en tuis voel – "klein republieke" waar hulle vry, veilig en voorspoedig kan wees. Dit is belangrik om verdere agteruitgang te keer, maar dit is nóg belangriker om aan volhoubare vooruitgang te bou. Die groot prentjie is dat ons aan die kulturele infrastruktuur bou waarin ons hier kan voortbestaan. 'n Tuiste vir 'n volk is soos 'n huis se vertrekke; elkeen het 'n bepaalde doel, maar saam maak hulle 'n bestaan moontlik. Daar is 'n sitkamer, eetkamer, badkamer, kombuis en slaapkamers, elkeen met sy bepaalde funksie. Maar hoe gaan só 'n tuiste lyk en hoe gaan dit gebou kan word? Dit is nie maklik nie, want Afrikaners woon verspreid en nie soos byvoorbeeld die Skotte bykans almal in 'n omlynde gebied nie. Daarom moet die oplossing daarvoor voorsiening maak. Ons yl verspreiding is ons bestaanskrisis omdat ons orals 'n oorheersde minderheid is. Daarom moet ons toekomsplan ook vir groter konsentrasie voorsiening maak omdat enige gedomineerde minderheid ruimtes nodig het waar hy 'n vrye meerderheid kan wees.

## Ligging

Die beginpunt van 'n huis bou en 'n tuiste skep is om die regte ligging te kies, waar jy weet dat jy oor 20 jaar nog gaan vry, veilig en tuis voel, waar jy nie weer uitgedryf gaan word of jou instellings oorgeneem kan word nie.

## Bouplan

Die tweede stap is 'n argiteksplan om seker te maak dat jou huis só ontwerp word dat dit jou huis is – 'n plek waar jy en jou mense tuis sal kan voel en


> **"AfriForum is deel van die Solidariteit Beweging wat aan 'n tuiste en 'n toekoms vir Afrikaners bou om blywend vry, veilig en voorspoedig in Suider-Afrika te kan voortbestaan.**



Die AfriForum-gebou



Flip Buys



Pretoria FM se kantoor


Die Theodora-sentrum


**Henk Schalekamp** op die nuwe terrein vir Akademia.

waar julle veilig kan wees sonder dat vreemdelinge julle hiet en gebied. Dit is ’n plan om ’n nasionale tuiste te bou waar ons nie net as enkelinge nie maar as ’n kultuurgemeenskap sal kan tuis voel – ’n kulturele huis, ’n leefruimte, ’n tuiste.

### Gesin en gemeenskap

Ons is nie net landsburgers nie, maar ook kulturele burgers, lede van ’n eeueoue kultuurgemeenskap wat mekaar nodig het, wat mekaar se waardes deel en wat by mekaar veilig is. ’n Mens bou nie vir jou ’n huis om jouself van ander mense af te sonder nie, maar juis om jou in staat te stel om saam in daardie buurt te bly. Jy sal uitgelag word dat jy lugkastele bou, deur mense wat self in sandkastele in die pad van ’n inkomende gety sit. Moenie jou aan hulle steur nie, hou net aan bou.

### Fondament

Die fondasie moet stewig wees want die hele huis word daarop gebou. Die fondasie is die sterk selfhelporganisasies wat die grondslag van die huis gaan vorm, want jy wil nie alleen op sand bou nie.

### Bouers

Niemand bou so goed soos iemand wat ’n huis vir homself en sy geliefdes bou nie, want dit is joune. Ons sal almal moet help om hierdie kulturele huis so vinnig en so goed as moontlik te bou. Bouers is nodig, en nie net bydraers nie. Baie teenstanders sal raas en blaas om die bouwerk te probeer keer, maar dit is belangrik om net vas te byt en aan te hou bou.

### Kamers

Geen huis is volledig sonder al die noodsaaklike vertrekke nie. Al die kamers moet daar wees – soos ’n sitkamer, kombuis, slaapkamer en eetkamer. ’n Gemeenskap het kulturele leefruimtes en vertrekke nodig soos skole, kolleges, universiteite, stede, dorpe en dienste, woongebiede, veiligheid, maatskaplike sorg, besighede, werkplekke, media, regspraak, erfenisbewaring, openbare ruimtes en ’n mooi tuin en omgewing.

### Mure

Mure bou is ’n proses en neem tyd en vasbyt. Hoe groter die kolleges, privaat skole, universiteite en dorpe wat ons bou, hoe hoër is die mure van ons gemeenskap se huis en hoe vryer en veiliger sal ons wees.

### Dak

Die dak kom laaste. Geen dak word opgesit voordat die mure hoog genoeg is nie, want ’n dak kan nie in die lug hang nie. Die hoogte van die dak en die opsit daarvan word bepaal deur die hoogte van die mure en die spoed waarteen gebou word. Die dak is nie die huis nie, dit is ’n belangrike finale fase van die bou van die huis. Dit is die erkenning dat die huis en al sy kamers klaar gebou is.

### Afronding en inrigting

Die huis word nou afgerond en ingerig soos jy en jou gemeenskap dit wil hê. Die feit dat jy die plek gekies, die huis laat ontwerp en self hard daaraan gebou het, is die beste waarborg dat jy en jou geliefdes daar weer tuis sal voel.

Dit is natuurlik ingewikkelder om ’n toekoms vir ’n hele gemeenskap te bou as ’n huis vir jouself. Wanneer die huise en dorpe wat die staat gebou het egter inplof en verval, of wanneer hulle ligging te onveilig geraak het, is dit tyd om jou eie huis te bou. Staatsbestuur het in Suid-Afrika misluk en die tyd vir selfbestuur het aangebreek. Net soos huise nie uit die lug val nie en moeisaam van onder af opgebou moet word, net so sal ’n toekoms nie uit die lug val nie en sal dit daarom stelselmatig van onder af opgebou moet word. Dit gaan uiters moeilik wees, maar om vry, veilig en voorspoedig in die staat se huise te bly, is onmoontlik. Die pad na selfbestuur is onseker, maar dit bied die kans op sukses, terwyl die pad na staatsbestuur tot ’n sekere ondergang lei.

Kom bou saam met ons aan ’n toekoms waar Afrikaners ook blywend tuis sal wees, want almal het ’n tuiste nodig waar hulle vry, veilig en voorspoedig kan lewe.

***Flip Buys is die voorsitter van die Solidariteit Beweging.***


Sol-Tech



Akademia


Akademia se koshuis

# Ons bou ons dorpe en g

*AfriForum-takke en -buurtwagte bestaan uit entoesiastiese en hardwerkende mans en vroue wat oorlog verklaar het teen staatsverval.* ***Marthinus Koekemoer*** *en* ***Carina Bester*** *het gaan kyk hoe hulle skouer aan die wiel sit en hulle gemeenskappe dag vir dag opbou.*

## NOORDWES

### Tonne teer vir slaggate in Wolmaransstad

Teerpaaie in Wolmaransstad het op sommige plekke só verval dat die enigste oorblywende opsie was om dit te skraap en in grondpaaie te omskep. Waar strate nog gered kan word, het AfriForum se Wolmaransstad-tak met tonne teer ingespring om slaggate op te vul. Grassnyers en bossiekappers is ook aangekoop om die dorp skoon te maak, terwyl die buurtwag help om substasies en Eskom-werkers wat aan die substasies werk, te bewaak.





**“Ek dink sonder AfriForum op die dorp sou dinge baie slegter gegaan het. Ons help sover dit binne ons vermoëns is.**

– Christo Smit, voorsitter van AfriForum se Wolmaransstad-tak





**“Ons vra dat een en elkeen by AfriForum betrokke sal raak. Hoe groter ons span, hoe groter die verskil wat ons op Ventersdorp kan maak.**

– Tiaan van Rensburg, voorsitter van AfriForum se Ventersdorp-tak

### Kontrakteur wat riool in Ventersdorp stort vasgevat

Storting van rommel, vullis en riool is 'n reuseprobleem in Ventersdorp. Skuldiges wat dit doen moet voortaan egter ligloop nadat die plaaslike AfriForum-tak kameras op sleutelpunte in die dorp aangebring het. Die tak het juis 'n kontrakteur van die munisipaliteit wat riool onwettig gestort het, uitgevang. 'n Klagte is teen hom ingedien en hy het gevolglik die trekpas gekry. 'n Klagte is ook by Nersa ingedien oor die swak toestand van Eskom se infrastruktuur in die dorp. Daarbenewens word slaggate ook gereeld opgevul.

# emeenskappe weer op!




> Erfenis is belangrik vir ons en ons wil graag nouer met die munisipaliteit saamwerk om ons dorp mooi te hou.

– Piet Theron, waarnemende voorsitter van AfriForum se Potchefstroom-tak

**Stilfontein-tak ontvang bykans 3 000 munisipale klagtes**

Stilfontein is 'n klein dorpie met groot probleme. Sedert Jonathan Fourie, voorsitter van AfriForum se Stilfontein-tak, omtrent drie jaar gelede 'n WhatsApp-groep gestig het waarop inwoners munisipale klagtes kan aanmeld, is bykans 3 000 boodskappe ontvang. Daar is goeie samewerking tussen AfriForum en die SAPD en mense doen gereeld navraag om by die buurtwag aan te sluit.



> Ons het sover goeie sukses met die groep behaal. Die plaaslike owerheid versaak ons op omtrent elke denkbare wyse. Ons het dus moue opgerol en self begin doen. In hierdie stadium is omtrent al wat op die dorp gedoen word, dit wat AfriForum doen.

– Jonathan Fourie, voorsitter van AfriForum se Stilfontein-tak

**Potchefstroom-tak fokus op erfenisprojekte**

Die Totiushuismuseum in Potchefstroom het met 'n ernstige termietplaag gesukkel, maar danksy AfriForum se Potchefstroom-tak is die termiete verwyder. Daar is ook ander opknappings aan die huis gedoen. Die Anglo-Boereoorlog-begraafplaas is skoongemaak, terwyl indringerplante verwyder en met witstinkhoutbome vervang is. Alexanderpark is skoongemaak en palissades is by Gunners' Memorial geverf.





> Ons het met buurtwagte begin en 'n hommeltuig aangeskaf om misdaad te bekamp. Die hommeltuig is reeds aangewend om van die zama-zamas aan te keer. Ons samewerking met die SAPD is ook uitstekend.

– Frans Roos, voorsitter van AfriForum se Klerksdorp- en Hartbeesfontein-tak

**Klerksdorp-tak pak misdaad en besoedeling**

Klerksdorp het baie groot uitdagings met besoedeling en misdaad. Riool word gereeld in riviere gestort met E. coli-vlakke wat bo aanvaarbare vlakke gestyg het. Kabeldiefstal is ook 'n deurlopende probleem. Weens die onvermoë van die munisipaliteit om basiese dienste te lewer het die plaaslike AfriForum-tak egter self ingespring. Verskeie projekte is aan die gang om die dorp skoon te maak.

## VRYSTAAT



### Rioolprobleme in Bothaville minder ná AfriForum se toetrede

Rioolstortings in die Valsrivier is steeds 'n algemene verskynsel in Bothaville, maar ten minste is die rioolstelsel in die dorp opgegradeer ná AfriForum se volgehoue druk op die plaaslike munisipaliteit. Nóg probleme in die dorp is paaie en munisipale geboue wat nie onderhou word nie. Misdadigers het ook die botoon in die dorp gevoer, maar 'n kamerastelsel wat die AfriForum-tak geïnstalleer het het gehelp om misdaad onder beheer te bring.



**“AfriForum het 'n visie na die dorp gebring, wat beplanning vergemaklik. Ons probeer ook samewerking met die munisipaliteit verbeter. As lid van AfriForum is jy deel van 'n groter groep landwyd. Jy staan nie alleen nie; jy het 'n plek om aan te klop en raad te vra.**

– Willie Prinsloo, voorsitter van AfriForum se Bothaville-tak

### Nuwe AfriForum-tak skep hoop in Viljoenskroon

Die AfriForum-tak in Viljoenskroon is vroeër vanjaar gestig. Dié dorp ondervind 'n hele reeks munisipale probleme met ongereelde watertoevoer en paaie wat verval. Die rioolaanleg funksioneer ook nie en die onderdorp se strate word gereeld oorvloei met rou riool. Sabotasie van rioolpype word vermoed. Daar was wel 'n verbetering nadat AfriForum 'n klagte daaroor ingedien het. Die tak het die afgelope maande talle slaggate opgevul, verkeerstekens vervang, verkeerstrepe op paaie oorgeverf en boomtakke afgesaag wat in strate gehang het.





**“Ons sal elkeen daadwerklik 'n verskil moet maak. Al begin jy net by jou sypaadjie en jou eie tuin dan kan jy sê 'ons doen dit saam'.**

– Boet Wienand, voorsitter van AfriForum se Viljoenskroon-tak

### Kinders en bejaardes in Kroonstad opgehef

'n Groentetuin is by die Edelkroon-ouetehuis in Kroonstad aangelê om te voorsien in die behoeftes van inwoners wat swaar trek. Speelgoed is ook aan die Presidentia Jeugsorgsentrum geskenk. Hierdie sentrum huisves meer as tien kinders wat in pleegsorg geplaas is. Rioolprobleme het ook oor die jare in dié dorp kop uitgesteek, maar danksy 'n skrywe wat AfriForum aan die munisipaliteit gerig het, is die pompe by die rioolaanleg vervang. Skoonmaakprojekte is ook oor die laaste paar maande aangepak.





**"Die kinders geniet die speelgoed regtig baie. AfriForum het al baie gedoen om meer betekenis aan die kinders se lewens te gee.**
– Anna Mulder, bestuurder van die Presidentia Jeugsorgsentrum








### Veiligheid en erfenis Bloemfontein-takke se fokus

Bloemfontein het baie probleme, waaronder die verwydering van vullis, die agteruitgang van paaie, instandhouding van geskiedkundige geboue en die algemene skoonmaak van parke. AfriForum se takke in dié stad is egter met verskeie volhoubare projekte besig. AfriForum het onder meer met Anchor of Hope hande gevat om parke, die President Brand-begraafplaas en die Ou Presidensie netjies te hou. AfriForum werk ook saam met ander rolspelers, waaronder VR Med-VR Sec, aan veiligheidsinisiatiewe. Dit sluit onder meer 'n beheerkamer in vanwaar mediese en veiligheidsverwante reaksie-eenhede gekoördineer word.



**"Danksy AfriForum se bydrae is ons woonbuurte skoner en veiliger.**
– Colin Coetzee, 'n inwoner van Gardeniapark in Bloemfontein



## Welkom-tak pak vullisterrein- en rioolprobleme

Die vullisterreine in Welkom en Odendaalsrus het stelselmatig onder ANC-bewind agteruitgegaan. Van die groot probleme was toegangsbeheer en vullis wat langs die pad voor die vullisterrein gestort is. AfriForum se Welkom-tak het die munisipaliteit hieroor aangevat en daar was reeds 'n merkbare verbetering by die betrokke vullisterreine. Toegangsbeheer is opgeskerp en storting langs die pad is stopgesit. 'n Ander ernstige probleem wat danksy die tak onder beheer gebring is, is riool wat vrylik in die strate gevloei het.

> **"Riool was tien jaar lank 'n probleem in die omgewing, maar danksy AfriForum is die probleem binne dae opgelos. Ons het groot dankbaarheid vir wat AfriForum doen en 'n mens kan amper nie draai sonder om iets te sien waar hulle betrokke is nie.**
>
> – Tjaart van der Walt, 'n plaaslike sakeman





> **"Ons wil 'n veilige plek skep waar inwoners kan ontspan. Deur die tuine netjies te hou, het ons ook 'n wegkruipplek vir misdadigers uitgeskakel.**
>
> – Johan Cooks, voorsitter van AfriForum se Sasolburg-tak

## Sasolburg-tak stof ander in grassny uit

Die AfriForum-tak in Sasolburg het met 'n ambisieuse grassnyprojek van die Hoëveld Tuine (botaniese tuine) begin. Die tak het twee John Deere-grassnyers aangeskaf waarmee die ongeveer 6 ha gras van die tuine gereeld gesny word. Dié tak het al ver oor die 100 ha gras vir die jaar gesny. Die buurtwag het ook ingespring om te help met die beveiliging van substasies tydens beurtkrag. Die paaie in Sasolburg lyk ook al aansienlik beter danksy die tak se slaggatherstelprojek.

## Parys-tak veg teen water- en rioolprobleme

Vuil of geen drinkwater, riool in die strate, slaggate en gesteelde kabels is net enkele van die probleme waarmee dié inwoners te kampe het. AfriForum se Parys-tak pak egter die bul by die horings en het reeds 'n klomp slaggate opgevul, sypaadjies skoongemaak, stoptekens vervang en gehelp met gereelde patrollies om elektriese infrastruktuur te beskerm. 'n WhatsApp-groep is ook op die been gebring om inwoners te help wat klagtes by die munisipaliteit wil aanmeld, terwyl water by mense afgelewer is wat dit tydens die waterkrisis nie self kon gaan haal nie. AfriForum het ook die Vrystaatse Hooggeregshof in Bloemfontein genader oor die voortslepende water- en rioolprobleme in die dorp.






> **"AfriForum is baie aktief in Parys en sonder ons sou die dorp baie erger gelyk het. Ons grootste behoefte is om meer mense betrokke te kry om nog meer gedoen te kry.**
>
> – Fanie Kruger, voorsitter van AfriForum se Parys-tak



**“ Ons het ’n brief aan die munisipale bestuurder gestuur waarin ons hom aanmaan dat die munisipaliteit sy pligte moet nakom of ons sal hom vir die koste van die werk wat ons doen verantwoordelik hou.**

– Gerrie Muller, voorsitter van AfriForum se Heilbron-tak

### Heilbron-tak pak vullisprobleem met vullisdromme

Een van die grootste kopsere in Heilbron is die swak versorgde vullisterrein. Vullis word langs die pad gestort en tydens swaar reën beland dit in die spruit. Om dié probleem te pak het die AfriForum-tak vullisdromme in die dorp aangebring wat baie vinnig vol geraak het. AfriForum het ook gehelp om die pad langs die vullisterrein te herstel. Bome is in die dorp gesnoei en ander skoonmaakprojekte is ook aangepak. ’n Aanmaningsbrief is onder meer aan die munisipale bestuurder gestuur om hom te waarsku dat hy persoonlik verantwoordelik gehou sal word indien dienslewering nie verbeter nie. Dit lyk reeds asof samewerking verbeter nadat die munisipaliteit 800 sakkies teer vir die tak gegee het om slaggate op te vul. AfriForum het ook die gras voor die munisipale kantore gesny.

## GAUTENG

### Heidelberg-tak bemagtig inwoners met vier projekte

Heidelberg is ’n dorp ryk aan geskiedenis, maar is nie kort aan uitdagings nie. AfriForum se plaaslike tak het vier projekte geïdentifiseer waarmee ’n verskil in die dorp gemaak kan word. Die eerste hiervan is die slaggatherstelprojek. Werk is vir vier mense geskep wat andersins sonder werk sou gesit het. Hulle help om voortdurend slaggate op te vul. Die hele projek word vanuit die gemeenskap gefinansier met ’n paar plaaslike ondernemings wat ook ’n handjie bysit. Die tweede en derde projekte word deur die inwoners self gedryf. Albei hou verband met ’n skoner dorp. Die een groep tel een dag per week vullis in die dorp op en die ander groep skakel plaaslike ondernemings om hulle aan te moedig om hul eie persele netjies te hou. Die vierde projek hou verband met die interaksie met die plaaslike munisipaliteit. AfriForum het in hierdie verband die munisipaliteit sover gekry om rioolstortings te stop. ’n Kamerastelsel is ook in oorleg met ’n plaaslike veiligheidsmaatskappy aangebring wat spesifiek aangewend word om verdagte voertuie op te spoor.





**“ Ons doel is om samewerking met die munisipaliteit te verbeter, maar as hulle nie hul pligte nakom nie sal ons teen hulle optree. Die wet is aan ons kant.**

– Willem Sprong, voorsitter van AfriForum se Heidelberg-tak

### Kempton Park-tak help inwoners na hul gesondheid kyk

AfriForum se Kempton Park-tak beskik oor ’n mobiele gesondheidsentrum wat deur opgeleide, vrywillige mediese personeel bedryf word. Hierdie personeel kan basiese toetse doen en pasiënte na dokters verwys indien nodig. Die tak gee baie terug aan die gemeenskap en plaaslike instansies, en het talle gemeenskapsprojekte aangepak. Twee TV-kamers by die Elim-kliniek is met nuwe bankies toegerus en taklede het ook komberse aan die kliniek geskenk. Die tak het verder stoele by ’n tuiste vir bejaardes nuut oorgetrek. Een van die groot suksesse wat bereik is is in Janina Village, waar inwoners van dié buurt deur die #OnsDorp-projek in staat gestel is om self instandhouding te doen en eienaarskap van hul woonbuurt te neem. Die tak het ook veiligheid opgeskerp deur kameras op te rig wat deur beheerkamers gemoniteer word.





**“ Ons wag nie vir iemand om ons probleme op te los nie. Ons glo daarin om self in te gryp en ons hande vuil te maak.**

– Jan Vermaak, voorsitter van AfriForum se Kempton Park-tak



**Groter Moot-tak pak een na die ander selfdoenprojek aan**

Die Groter Moot-tak in Pretoria is voorlopers wanneer dit by selfdoenprojekte en die inkoop van gemeenskapslede kom. Dit is 'n tak wat weet dat staatsverval teengewerk kan word as die hele gemeenskap (tak, vrywilligers en buurtwagte) betrokke is. Ondernemings het ook hul gewig agter die aksies ingegooi en gee ruim skenkings vir herstel-, skoonmaak- en verfwerk. Die gemeenskap is proaktief om misdadige elemente uit te hou en werk nou saam met veiligheidsmaatskappye om misdaad hok te slaan deur byvoorbeeld patrollies te hou en onwettige plakkers te verwyder.















**“Ons is as 'n tak baie bewus van die tekortkominge van die stadsraad. Baie van die instandhoudingswerk moes jare gelede al gedoen geword het. Omdat dit nie gebeur het nie, het ons tot die besef gekom dat as ons dit nie self doen nie, gaan dit nie gebeur nie.**

– Ruan du Plessis, voorsitter van AfriForum se Groter Moot-tak

### Benoni-tak help bejaardes

In Benoni is daar uitstekende samewerking tussen die plaaslike AfriForum-tak en -buurtwag met sy meer as 150 patrolleerders en verskeie ander veiligheidsrolspelers. Hierdie veiligheidspanne glo spanwerk is die oplossing om misdaad hok te slaan en misdaad het daadwerklik afgeneem. Dwelmmisbruik, onwettige myners (zama-zamas) en werkloosheid is van die grootste uitdagings in die gebied wat misdaad verhoog. Die tak het ook ongeveer 41 SNIPR-kameras reg oor Benoni geïnstalleer wat gebruik word om misdaad te bekamp en te voorkom. Die buurtwag beskik ook oor 'n gesamentlike beheerkamer waarvan verskeie rolspelers gebruik maak. Inligting word hier verwerk en aan die nodige rolspelers soos die SAPD deurgegee. Dié tak met sy sowat 1 400 lede het 'n projektespan wat weekliks verskeie projekte dryf. Hulle pak skoonmaakprojekte aan, vul slaggate op, sny gras en verf padtekens om Benoni netjies te hou. Hulle het ook brande geblus en onwettige naamborde verwyder. Die tak dra ook ruim by tot instansies in Benoni wat na kinders en bejaardes omsien. Hulle maak gereeld 'n bydrae om die nood te verlig of spring self in om skoon te maak of klimrame te bou.



**“Die munisipaliteit is feitlik heeltemal wanfunksioneel en ons as gemeenskap doen alles in ons vermoë om selfversorgend te wees en onafhanklik te werk om 'n verskil te maak.**

– Archie Mouyis, voorsitter van AfriForum se Benoni-tak



**Fransyn Laubscher** saam met 'n inwoner van Shady Pines.

## WES-KAAP



### Kaapstad-Noord-tak help met groentetuin

AfriForum se Kaapstad-Noord-tak bevorder selfstandigheid met die verskeidenheid projekte wat hulle aanpak sodat gemeenskappe self hul toekoms in hul eie hande kan neem. Dié tak het onder meer vrugtebome en watertenks aan die Paarl Skool in Brackenfell én aan Jesus in Aksie (JiA) by die Brackenfell-treinstasie geskenk. Taklede maak ook gereeld oop ruimtes en parke skoon.

**“Ons streef na 'n gemeenskap wat na homself kyk, wat self hulle toekoms in hul hande neem en daarop voortbou.**

– Tommy van Zyl, voorsitter van AfriForum se Kaapstad-Noord-tak




**AfriForum-lede kwalifiseer vir korting van tussen 15% en 25% met 'n bespreking.**

**Kontak die sentrale besprekingskantoor vir verdere inligting en besprekings.**
**Bepalings en voorwaardes geld.**

**Tel.: 086 101 0347 | E-pos: reservations@dreamresorts.co.za**



AKADEMIA et al.
KORTKURSUSSE GERIG OP INSIG EN PRAKTYK
Splinternuwe
kortkursusplatform
GERIG OP INSIG EN PRAKTYK
Wees op die voorpunt van jou industrie
SKANDEER DIE
QR-KODE VIR
MEER INLIGTING
etal.akademia.ac.za ||
Akademia et al., gesetel onder die Akademia-vaandel, is in 2022 gevestig om praktykgerigte
kortkursusse met ŉ akademiese onderbou aan individue en/of ondernemings te bied.

# Dorp vir dorp maak takke en vr

## Sentraalstreek

### NOORDWES

**Hartbeesfontein:** Die buurtwag het koplampe, flitse en drie staanlampe aan die SAVF Evanna Tehuis oorhandig, asook gehelp om brande te bestry.
**Christiana:** Die tak het voetoorgange voor die Gekombineerde Skool Christiana oorgeverf.
**Lichtenburg:** Die tak het slaggate opgevul.
**Mooinooi:** Die tak het slaggate opgevul.
**Brits:** Die tak het die Damara-park skoongemaak en gras gesny, terwyl die buurtwag 'n verdagte vasgetrek en 'n plaasaanval afgeweer het.
**Hartbeespoort:** Die tak het randstene en padmerkers by die kruisings rondom die Laerskool Generaal Hendrik Schoeman oorgeverf.
**Rustenburg:** Die tak het die begraafplaas skoongemaak en dit vir besoekers beveilig.
**Koster:** Die tak het in samewerking met die Toeka tot Nou-span vullis by die begraafplaas verwyder en die mure rondom die begraafplaas aan sowel die binne- as buitekant oorgeverf.
**Vryburg:** Die tak het instandhouding by die konsentrasiekampterrein gedoen.

### VRYSTAAT

**Bethlehem:** Die tak het slaggate opgevul.
**Winburg:** Die tak het die stadsaal en dorpsplein skoongemaak, verkeerstrepe oorgeverf en hulp verleen met die skoonmaakprojek by die konsentrasiekampbegraafplaas.

### KWAZULU-NATAL

**Hluhluwe:** Die buurtwag het 'n gesteelde voertuig opgespoor.
**Amanzimtoti:** Die tak het die treinbrug by Kuswag Skool beveilig en die voetoorgang voor die skool oorgeverf. Die tak het ook noodwatertenks en 'n drukpomp by die skool geïnstalleer. Taklede het verder die Merebank-konsentrasiekamp skoongemaak.
**Richardsbaai:** Die tak het 'n kamerastelsel geïnstalleer.
**Pongola:** Die tak het die plaaslike polisiekantoor verfraai.

## Noordstreek

### LIMPOPO

**Warmbad:** Die tak het 'n veiligheidsoudit by die Laerskool Warmbad, die Hoërskool Warmbad én die Warmbad-ouetehuis uitgevoer. Taklede het ook parke skoongemaak en opknappingswerk by die hoërskool se ingange gedoen.
**Pietersburg:** Die tak het hulp verleen deur brande te bestry en water vir inwoners aan te ry.
**Ellisras:** Die tak het hulp verleen met die bestryding van brande.
**Messina:** Die tak het brande help blus, terwyl die buurtwag gewapende rowers op 'n plaas aangekeer het.

### MPUMALANGA

**Lydenburg:** Die tak het R25 000 aan die Laerskool Lydenburg geskenk vir hul plaveiselprojek. Taklede het in samewerking met die Lydenburg Sakekamer die dorp se ingang vanaf die Ohrigstad-pad skoongemaak. Die tak het ook paaie herstel.
**Bethal:** Die tak het slaggate opgevul. Die tak het verder spinasie geoes en aan 'n tehuis in Morgenzon geskenk, terwyl sitrusvrugte ook aan verskeie skole, tehuise en die Bethal-sopkombuis geskenk is. Taklede het water by die Silwerjare-ouetehuis afgelewer terwyl Rand Water herstelwerk aan waterpype gedoen het.
**Witrivier:** Die tak het tweerigtingradio's ontvang, terwyl taklede ook verkeerstrepe en spoedhobbels rondom die Laerskool Klipfontein oorgeverf het.
**Nelspruit:** Die tak het bababenodighede aan die Liznica House of Hope geskenk. Taklede het ook 'n skoonmaakprojek op die Kaapsehoop-pad gehou en bushaltes in samewerking met WeCare4Nelspruit skoongemaak. Paaie is ook herstel en vullis is verwyder.
**Delmas:** Die buurtwag het gesteelde voertuie opgespoor danksy sy kameranetwerk.
**Ermelo:** Die tak het slaggate opgevul.



# ywilligers skoon, mooi en heel



## GAUTENG

**Moreletapark:** Die buurtwag het 'n gesteelde sleepwa teruggevind.
**Noord van die berg:** Die tak het vullis verwyder.
**Centurion:** Die buurtwag het skoolbusse begelei na 'n optrede in die staatsteater.
**Alberton:** Die buurtwag het die SAPD gehelp om dwelmhandel hok te slaan.
**Vanderbijlpark:** Die buurtwag het brande geblus, asook substasies beveilig deur alarmstelsels saam met Sekuriteit Sonder Grense te installeer. Die tak het gras gesny.
**Roodepoort:** Die buurtwag het brandbestrydingsopleiding ontvang en gehelp om 'n brand naby die Florida-meer te blus.
**Germiston:** Die buurtwag se snuffelhond Storm het gehelp om 'n verdagte met 'n ongelisensieerde vuurwapen en dwelms in sy besit uit te wys. Buurtwaglede het ook kabeldiewe vasgetrek.
**Bronkhorstspruit:** Die tak het voetoorgange by die Hoërskool Erasmus en die Laerskool Du Preez van Wyk oorgeverf, terwyl water ook aan inwoners voorsien is ná sabotasie by die reservoirs.
**Krugersdorp:** Die buurtwag se lugvleuel het die SAPD gehelp om zama-zamas te soek, terwyl hulle ook 'n gesteelde sleepwa teruggevind het.

# Suidstreek

## NOORD-KAAP

**Williston:** Die tak het groente aan die Emmanuel-ouetehuis geskenk en bederfpakkies aan bejaardes uitgedeel.
**Kamieskroon:** Die tak het stoptekens vervang en strate skoongemaak.
**Springbok:** Die tak het die begraafplaas opgeknap, rommel verwyder en boomtakke wat oor grafte gehang het afgesaag. Die tak het ook pale aan die munisipaliteit geskenk waarmee die begraafplaas se heining reggemaak kan word.
**Upington:** Die tak het 'n verwaarloosde parkie opgeruim en kos aan hulpbehoewende gesinne uitgedeel.
**Keimoes:** Die tak het 'n brand in die hoofstraat help blus, bome gesnoei en parke skoongemaak.
**Kuruman:** Die tak het die park beveilig en skoongemaak. Taklede het ook saam met munisipale werkers tuinvullis na die vullisterrein weggery.
**Kathu:** Die tak het 'n mikrogolfoond en kookwaterkan aan die Gamagara-nooddienste geskenk.
**Kimberley:** Die tak het brande geblus en vullis verwyder.
**Vaalharts:** Die tak het kospakkies aan hulpbehoewende gesinne uitgedeel.

## OOS-KAAP

**Aliwal-Noord:** Taklede het graffiti by die Konsentrasiekampmonument afgewas.
**Elliot:** Die tak het vullis verwyder.
**Gamtoosvallei:** Die tak het slaggate opgevul.

## WES-KAAP

**Langebaan:** Die tak het pale geskenk wat gebruik is vir die oprig van veiligheidskameras. Taklede het ook hiermee hand bygesit.
**Malmesbury:** Die tak het saam met Star Animal Outreach gewerk om honde te help versorg.
**Kraaifontein:** Die tak het 'n selfverdedigingsklas vir vroue gereël, terwyl taklede ook parke en oop ruimtes langs hoofroetes skoongemaak het.
**Stellenbosch:** 'n Nuwe veiligheidstrategie is aan die Simondium-boeregemeenskap voorgelê.
**Kaap Agulhas:** Die tak het vullisdromme langs staproetes in Struisbaai aangebring.
**Mosselbaai:** Die tak het LPR-kameras geïnstalleer.
**Overstrand:** Die tak het asblikke in Hermanus aangebring.
**Weskus:** Die tak het die strand skoongemaak.
**Hessekwa:** Die Riversdal- en Albertinia-buurtwag het in samewerking met die Hessekwa-tak 'n verdagte wat twee minderjariges vermoor het, opgespoor.

***Saamgestel deur Carina Bester***



“Verder is die werklike helde diegene wat dapper genoeg is om standpunt in te neem teen ongeregtigheid.

Adv. Gerrie Nel

# Privaatvervolgingseenheid maak dapper klaers se hande sterk

Deur Natasha Venter

Dit is nie altemit nie dat die Suid-Afrikaanse strafregstelsel misdaadslagoffers gruwelik versaak. AfriForum se privaatvervolgingseenheid (PVE) is byna daagliks in verskeie van die land se howe en beleef eerstehands die sekondêre trauma waaraan misdaadslagoffers blootgestel word wanneer aanklaers van die Nasionale Vervolgingsgesag (NVG) en ondersoekbeamptes van die SAPD versuim om in die belang van klaers op te tree. Verder veroorsaak die konstante uitstelle in howe, dikwels op aandrang en tot voordeel van beskuldigdes, frustrasie en ’n gevoel van hopeloosheid by slagoffers wat keer op keer hof toe moet gaan met die hoop dat hulle uiteindelik afsluiting sal kry, maar telkens teleurgestel word.

Dit moet duidelik gestel word dat howe strenger standpunt behoort in te neem teen beskuldigdes wat die stelsel misbruik met die hoop dat die sake teen hulle uiteindelik sal verdwyn. Die stryd is egter nog nie verlore nie; die PVE werk ook saam met aanklaers en polisiebeamptes wat werklik die ekstra myl loop om te verseker dat skuldiges aan die pen ry.

Verder is die werklike helde diegene wat dapper genoeg is om standpunt in te neem teen ongeregtigheid en nie wegskram daarvan om toe te sien dat sake teen beskuldigdes enduit gevoer word nie. In die lig hiervan het die PVE weer die afgelope paar maande verskeie suksesse behaal deur klaers kragtens waaksaamheidsopdragte by te staan soos in die geval van:

## Zander Oosthuizen

Oupa Chembe (52) het in Oktober in die Krugersdorp Streekhof skuldig gepleit op ’n klagte van aanranding. Dít volg nadat hy Zander Oosthuizen in September 2021 voor die Key West-winkelsentrum aangerand het. Oosthuizen, wat klein van postuur is, was ten tyde van die voorval 18 en geklee in sy skoolklere, terwyl Chembe ’n groot geboude man van by die twee meter in lengte is.

Chembe is ’n boete van R3 000 of gevangenisstraf van drie maande opgelê.

Die Oosthuizens het die PVE genader oor kommer dat daar onbehoorlike inmenging by die ondersoek was. Daar was byvoorbeeld laataandoproepe om polisiestasie toe te kom om die saak te bespreek en selfs “afsprake” met die aanklaer om die saak te “skik”. Die PVE het die SAPD gehelp om beeldmateriaal van die voorval te bekom, vertoë aan die NVG gerig dat die saak wel vervolg moet word, asook die klaer voorberei vir verhoor.

Die saak is verskeie kere uitgestel voordat dit uiteindelik op verhoor kon gaan. Desnieteenstaande verwelkom die PVE die pleit van skuldig en dat Chembe

uiteindelik verantwoordelikheid vir sy optrede moes neem.

**Genèe Bergs**

Regter Réan Strydom het Dieter Bergs (87) in Oktober in die Johannesburgse Hooggeregshof skuldig bevind aan die moord op sy vrou Genèe Bergs in Maart 2014, asook verskeie ander misdade. Dié uitspraak volg nadat die PVE in 2019 by die saak betrokke geraak het nadat die landdros wat die geregtelike ondersoek na Genèe se dood behartig het hulle genader het. Hy was bekommerd oor die NVG se irrasionele optrede om nie te vervolg nie. Die PVE het ingevolge ’n waaksaamheidsopdrag van Genèe se familie in die saak opgetree. Die PVE het in April 2020 vertoë aan die direkteur van openbare vervolging (DOV) gerig dat Bergs vervolg moet word. Hy moes in Desember 2020 in die Johannesburgse Landdroshof op aanklagte van moord, vervalsing en die besit van ’n ongelisensieerde vuurwapen, ammunisie en uitgifte verskyn. Hy is toe op borgtog vrygelaat en die saak is na die Hooggeregshof oorgeplaas.

Weens die vertraging van agt jaar is Bergs op grond van ’n psigiatriese verslag van die Sterkfontein-inrigting onbevoeg bevind om verhoor te word as gevolg van ’n toestand wat met hoë ouderdom en dimensie geassosieer word. Die NVG het daarna vervolging ingestel en die hof moes op ’n oorwig van waarskynlikhede ’n bevinding maak of Bergs skuldig is, wat ’n ligter bewyslas is as in gewone strafsake waar skuld bo redelike twyfel bewys moet word. Die hof het dit egter benadruk dat Bergs by sy volle positiewe was toe hy die misdryf gepleeg het en in staat was om die omvang van sy optrede te besef.

Bergs moet nou vir die res van sy lewe as ’n staatspresidentspasiënt in ’n instelling vir verswaktes aangehou word. Hy kan ook nie, kragtens die stelreël "die bloedige hand erf nie", van sy oorlede vrou erf nie. Haar bates sal nou aan haar oorblywende familie vererf.



**Marli du Toit**, **Lulu Monoketsi**, **adv. Phyllis Vorster**, **Liane Heyl** en **Wico Swanepoel**.

**Brendan Matthews**

Die PVE tree ingevolge ’n waaksaamheidsopdrag namens Brendan Matthews op in die staat se saak teen die sakeman Hannes Botha vir die aanranding van Matthews in Oktober 2021. Nadat die PVE betrokke geraak het, kon die verhoor in Oktober 2022 begin, ten spyte van die aanklaer se eie pogings om die saak van die rol te laat verwyder.

Matthews en sy ma het die PVE genader nadat hulle onsuksesvol probeer het om die mees basiese besonderhede oor die saak van die aanklaer te bekom. Dit het geblyk dat die aanklaer die saak deur middel van bemiddeling wou oplos, ten spyte daarvan dat dit nie die wil van die klaer is nie. Die aanklaer het ook klaarblyklik vir Matthews gesê dat hy haar statistieke sal omvêrgooi as hy nie instem tot dié bemiddeling nie.

Matthews beweer hy het op 22 Oktober 2021 vir Botha by ’n vierrigtingstop in Waterkloof teëgekom waar Botha glo versuim het om te stop. Botha het na bewering vir Matthews begin jaag en ’n soliede sperstreep in die aankomende verkeer oorgesteek om Matthews van die pad af te dwing. Matthews sê Botha het sy voertuig van voor versper, sy oop venster genader en hom in die gesig geslaan. ’n Getuie, wat agter Matthews gery het, het ’n verklaring verskaf wat die gebeure bevestig het. Die saak duur voort.

**Lizzy Mojapelo**

Skaars twee weke nadat die PVE aan die NVG geskryf het oor die aanrandingsaak teen Vuyo Mhlakaza-Manamela wat uitgegooi is, het die staat besluit om haar wel te vervolg. Die adjunkspeaker van die Gautengse wetgewer staan tereg op aanklagtes van aanranding met die doel om ernstig te beseer en *crimen injuria*. Dié saak spruit voort uit ’n beweerde aanval op sers. Lizzy Mojapelo, ’n beampte van die polisie se beskermings-en-sekuriteitsdienste. Die verhoor sal na verwagting in Desember begin.

Mojapelo het die PVE genader nadat die NVG geweier het om te vervolg. Die saak is verlede jaar teruggetrek nadat senior aanklaers glo aan Mojapelo gesê het die saak sal moeilik vervolg word omdat die verdagte ’n baie hoëprofielpersoon is.

Die beweerde aanranding het in Februarie 2020 by die huis van Mhlakaza-Manamela en haar man Buti Manamela, adjunkminister van Hoër Onderwys, plaasgevind. Mojapelo beweer die verdagte het haar in ’n dronk woedebui erg aangerand. Sy sê verder dat haar polisiehoofde haar nie wou help om ’n saak te open nie, maar eerder alles in hul vermoë gedoen het om daardie pogings te ontwrig.

’n Mediese ondersoek het bevestig dat Mojapelo veelvuldige beserings opgedoen het, asook dat sy tydens die voorval 11 weke swanger was.



Lizzy Mojapelo

# ORANIA:
# Dromers, doeners en bouers van die toekoms

Deur **Alet Rademeyer** Foto's **Marthinus Koekemoer** en **Carina Bester**

Orania was jare gelede 'n konstruksiedorp vir die Oranjerivierskema. Dit is in 1990 deur die Afrikanervryheidstigting (AVSTIG) gekoop en daarna as aandeelblokmaatskappy geregistreer. Die dorp is amptelik in 1991 as Afrikanergroeipunt gestig. Drie dekades van pionierswerk sou volg en ondanks enorme uitdagings is Orania nou meer as net 'n baken van hoop.

Vir Orania se staatkundige ontwikkeling was 2000 'n besliste jaar. Orania sou volgens die nuwe munisipale bedeling, waarmee landelike gemeenskappe en plase se bevoegdhede weggevat is, by die groter Thembelihle Plaaslike Munisipaliteit (wat Hopetown en Strydenburg insluit) ingelyf word en daardeur sy selfbestuur verloor. 'n Reg- en politieke stryd is gevoer wat uiteindelik gewen is deur 'n uitspraak ten gunste van Orania in die Hooggeregshof van Kimberley. Sedertdien bestaan Orania voort as eie entiteit. Dit funksioneer in praktyk buite die munisipale bedeling, maar met die funksies van 'n munisipaliteit (en selfs meer) op 'n privaat grondslag. Oraniërs stem ook





Trappe in Orania

nie in munisipale verkiesings nie, maar wel vir die Orania Verteenwoordigende Raad (OVR) wat op dieselfde datum as die munisipale verkiesing gekies word. Een van Orania se uitgangspunte is dat erkenning op praktyk volg en daarom word die praktyk eers geskep. Die OVR, wat deur die 2000-hofuitspraak tot stand gekom het, het lank sy regte aan die Orania Dorpsraad oorgegee, maar speel sedert die laaste verkiesing in 2016 'n toenemend aktiewe rol wat in die toekoms verder ontwikkel moet word. Orania se status as oorlegsone is ook in die *Staatskoerant* gepubliseer, wat daarop neerkom dat daar op die basis van wedersydse respek en erkenning skakeling met plaaslike owerhede is.

Orania is geskoei op die strategiese beginsels van eie arbeid en selfwerksaamheid; eie grondgebied; eie instellings; konsentrasiepolitiek; en identiteitspolitiek.

Gawie Snyman, uitvoerende hoof van die Orania Dorpsraad, verduidelik die funksies van die Dorpsraad só: Die Dorpsraad is 'n kantoor en direksie van 'n aandeelblokmaatskappy wat ingevolge die Maatskappywet en die Wet op die Beheer van Aandeelblokke bestuur word. Dit werk anders as 'n tipiese plaaslike owerheid of munisipaliteit, met aandeelhouers in die blok wat die direksie verkies, terwyl amptenare weer deur die direksie aangestel word. "Die aandeelblok is 'n goeie samehang tussen individuele eienaarskap en gemeenskaplike besit."

Hoe werk grondbesit? Die titelakte van die grond lê in die aandeelblok en wanneer jy aandele in die aandeelblokmaatskappy koop, verteenwoordig die aandele spesifieke eiendomme of aandeelblokke en dit verhandel op die ope mark soos enige ander eiendom. Oordragte word deur die oordragkantoor en nie die aktekantoor hanteer nie, wat administrasie baie vinniger maak. Dit is ook moontlik om eiendom in 'n beslote korporasie, trust of maatskappy te koop. Orania kry dikwels die vraag hoe veilig 'n mens se eiendom is, waarop



Gawie Snyman

Snyman antwoord: "In Afrika is nie waarborge nie, maar eiendom is nêrens so verskans as in Orania nie."

Groei in Orania is fenomenaal en die totale jaarlikse verkoopswaarde van aandeelblokke (erwe) het van R43 miljoen in 2018 tot R82 miljoen in 2021 toegeneem.

Wat regulatoriese groei betref het die Orania Dorpskantoor dié jaar 116 bouplanne, asook 30 ontwikkelingsplanne goedgekeur. Die nuwe bou-inspekteur het 357 bou-inspeksies uitgevoer, terwyl daar vanjaar ook 90 nuwe ondernemings geregistreer is.

Snyman verduidelik dat Orania in fases ontwikkel het. Tydens die pioniersfase moes beginsels soos eie arbeid gevestig word, terwyl oordeelkundige bestuurspraktyke en hulpbronbestuur die basis vir die volgende fases van belegging gelê het. Hoe vinniger Orania groei, hoe meer vertroue word geskep en gevolglik oorweeg én vestig meer mense hulle hier. Orania bevind hom nou by die punt waar strategiese vennote nodig is vir 'n versnelde groeifase. Gevolglik is dit moontlik om ál groter projekte aan te pak.

Wat die kantooramptenary betref stem dit ooreen met wat in enige ander munisipaliteit gebeur. In Orania is daar wel ook afdelings wat wyer na kwessies kyk. Die samestelling lyk só:

**Jacques van Wyk** is die kantoormaatskappysekretaris wat onder meer toesien dat daar korporatiewe voldoening is.

**Kobus Pretorius** is verantwoordelik vir beplanning en grondgebruik, onderverdelings en hersonering, en sien toe dat ontwikkelings ordelik plaasvind.

**Arno Lambrechts** is verantwoordelik vir gemeenskapsrekreasie en hou sy hand oor die dorpswembad, dorpsrugbyveld, sypaadjies en openbare ruimtes soos die biblioteek en kliniek.

**André van Heerden**, 'n siviele ingenieur, en sy span sien om na elektrisiteit, watervoorsiening, riolering, stormwaterdreine en die paaie.

**Janneman Roux** is hoof van korporatiewe dienste en finansies en sien toe dat begrotings goed saamgestel is en oorspandering gevolglik nie plaasvind nie.

Bedryfstelsels en outomatisering val onder **Theunie Kruger**. Snyman beklemtoon die belangrikheid van nuwe tegnologie, wat van kardinale belang is om die konsep van 'n toekomstige slimstad te bevorder. "Gegewe Orania se arbeidsmag moet tegnologie omarm word en slim gedink en gebou word."

**Etienne de Lange** is uitvoerende hoof van Orania Veiligheidsdienste (OVD). Dit is die dorp se sekuriteitsmaatskappy en sien saam met 'n vrywilligerskorps om na die handhawing van openbare orde en die nakoming van dorpsreëls.

**Adv. Jan van Zyl** is gemoeid met regspraak en verblyfreg. "Dit is soos Orania se binnelandse sake in wording," sê Snyman. Van Zyl se kantoor is ook verantwoordelik vir alternatiewe geskilbeslegting en dissiplinêre verhore wat met gepaste strawwe gepaardgaan.

Inligting en skakeling val onder **Pieter Bisschoff**, wat daarmee getaak is om openbare deelname in die gemeenskap te bevorder.


'n Bouperseel in Orania.

## HOE WERK ORANIA?

- **Die Orania Beweging is die idee-organisasie wat die daarstel van Orania as Afrikanertuiste beplan en gefundeer het en Afrikaners werf en mobiliseer vir die breër ideaal.**
- **Die Orania Ontwikkelings-maatskappy (OOM) fokus saam met filiale en vennote op ontwikkelingsprojekte ten einde Orania van 'n dorp tot 'n stad te ontwikkel.**
- **Die Orania Dorpsraad bestaan uit 'n direksie en amptenary wat dienste op 'n hoë standaard lewer en infrastruktuurprojekte aanpak.**
- **Die Orania Verteenwoordigende Raad (OVR) is 'n federale liggaam oorhoofs oor al die grondentiteite in Orania wat ook gemoeid is met interne skakeling oor eie grondgebied, eie arbeid en eie instellings, asook eksterne skakeling na buite. Die OVR het ook 'n rol op politieke vlak en skakel met die regering en gemeenskappe buite Orania.**



# Orania: ’n Dorp waar alles werk!

Afrikaners het as ’n kultuurgemeenskap ’n volhoubare gebiedsgebonde tuiste nodig waar hulle ’n selfstandige en vry toekoms vir hulself kan skep en ontwikkel. Hierdie werklikheid het in Orania gestalte gevind.

> “Orania gaan nie vir altyd so groot soos ’n speldepunt op ’n kaart wees nie.

Die Orania-kanton is een been van die Solidariteit Beweging se sewebeen-federale toekomsplan wat ’n antwoord en oplossing bied op die mislukte sentralistiese staatsbestel van die ANC-regering.

Carel Boshoff, hoof van Die Vryheidstigting, sê die idee dat Suid-Afrika in 1994 ’n probleem of krisis moes oplos, is ’n wanpersepsie. “Dit was eintlik ’n skynprobleem. Die werklike probleem is nou, naamlik hoe soveel uiteenlopende en botsende belange in een land geakkommodeer word.

“Ons mense besef konsentrasie is nodig. ’n Klein, yl verspreide voorheen bevoorregte bevolking is in ’n gevaarlike posisie. Hulle voel dit en dit is besig om te sneeubal. Gevolglik is konsentrasie nodig. Soos in Orania. Hoe meer hierheen kom, hoe meer kan kom en hoe meer wil kom. Hier is ál meer versnelde groei en Orania sal binne ’n jaar wesenlik anders wees as nou.

“Orania gaan nie vir altyd so groot soos ’n speldepunt op ’n kaart wees nie. Dit gaan groei van ’n dorp na ’n stad wat binne die afsienbare toekoms ’n inwonertal van tot 15 000 kan bereik. Van ’n dorp tot ’n landelike stad kan dit uiteindelik ontwikkel om ’n streek te domineer waar lewensvatbare ruimtes vir ’n bevolking van 500 000 tot ’n miljoen geskep kan word.”

Orania is reeds veel meer as net ’n klein Noord-Kaapse dorpie langs die Oranjerivier. Dit is ’n strategiese prioriteit en weldeurdagte model vir die voortbestaan van Afrikaners, hul taal, hul erfenis en hul kultuur. Die toename in inwoners wys ook dat al meer Afrikaners in die droom glo én deel daarvan wil wees. Waar daar in 2018 sowat 1 600 inwoners was het dit teen einde 2021 tot 2 377 gestyg. Daar is tans net meer as 2 500 inwoners en aansoeke vir verblyfreg stroom in. In 2018 was daar 525 aansoeke en in 2021 meer as 1 200.

Joost Strydom, uitvoerende hoof van die Orania Beweging, sê die groei die afgelope tien jaar is ’n testament van die vertroue in die leierskap en dit wat die Afrikaner regkry. “Waar die media plaaslik en internasionaal spottend na Orania verwys het, is daar nou ’n opregte belangstelling. Van ander tradisionele gemeenskappe



Frans de Klerk



FOTO: VERSKAF



FOTO: VERSKAF



wat Orania se selfstandigheidsresep wil volg tot internasionale groepe wat Orania al hoe meer besoek. Wes-Europa kyk nou ook na konsentrasiepolitiek wat Orania al in die negentigs begin doen het."

Frans de Klerk, uitvoerende hoof van die Orania Ontwikkelingsmaatskappy (OOM), verduidelik dat die groei van Orania op twee bene rus, naamlik ondersteuning aan instellings en beleggings. Hoewel verskeie ontwikkelings in kommersiële en industriële sektore al voorheen onderneem is, bly grootskaalse residensiële ontwikkeling tans die primêre fokus.

OOM het in 2020 tot stand gekom toe die Solidariteit Beweging besluit het om formeel 'n kantoor in Orania te open. Vanuit die OOM-kantoor word die Beweging se werksaamhede in Orania gekoördineer en ontwikkelingsprosesse en -projekte ondersteun en onderneem om Orania te ontwikkel vanaf 'n dorp tot 'n stad. Die Orania Saambou-inisiatief het gevolg wat fokus op die ondersteuning van instellings en beleggings. Die hoofdoel van Orania Saambou is die ontwikkeling van gemeenskapsgeboue en kommersiële ontwikkelings. Die onderskeie instellings binne die Beweging help met die kapitalisering van die projekte.

Gemeenskapsgeboue sluit ontwikkelings soos Steenbok Herberg, die Bo-Karoo Veiligheidsentrum en OraMed (Orania se mediese sentrum) in. Kommersiële ontwikkelings word gedoen via Orania Groeikrag (Edms.) Bpk. en Orania Eiendomsontwikkeling (Edms.) Bpk. Orania Groeikrag fokus op erwe en Orania Eiendomsontwikkeling op behuising en nywerheidspersele. Laasgenoemde is betrokke by persele soos Horison, Dagbreek, Gannabos, Heuwelsig en Geelgranaatsingel. Teen einde Augustus was AfriForum se belegging in Orania Saambou R48 miljoen sterk.




Joost Strydom

## ANDER ONTWIKKELING EN GROEI IN ORANIA:

- **Bo-Karoo Opleiding (BKO): Narina Meiring is die operasionele hoof. Vyf beroepskwalifikasies – elektries, loodgieter, bou- en siviele konstruksie, boerderybestuur en tuisversorging – word aangebied. Sedert BKO sy deure in 2018 oopgemaak het, het 200 studente al geslaag en hul rooiseëlkwalifikasies verwerf.**
- **Orania CVO Skool: Johan de Klerk, skoolhoof, sê die skool het 'n verrykende en unieke karakter. Daar is tans 460 leerders in die skool waarvan meer as 30% verder as 10 km van die skool woon. Die skool ding mededingend op sport- en kultuurvlak mee en het die potensiaal om in 'n groot streekskool te ontwikkel.**
- **Huppelkind Voorskoolsentrum: Dié sentrum huisves babas en kleuters tot vier jaar oud. Werkende ouers het dus die gemoedsrus dat opgeleide en gekwalifiseerde personeel deur die dag na hulle kinders omsien.**
- **OraSol: Riaan Jacobs, aandeelhouer in OraSol, sê Orania droom van energie-onafhanklikheid. Fase een van die sonplaas met 890 sonpanele lewer reeds 841 kWp (kilowattpiek) krag, wat elektrisiteit aan 200 huishoudings voorsien. Orania se aansoek om registrasie by Nersa om krag in die nasionale netwerk terug te voer is ook onlangs goedgekeur.**
- **OraniaMed24: Dr. Philip Nothnagel is sedert 2018 in Orania en sê die fasiliteit kan omvattende dienste aan die gemeenskap lewer. Daar is twee noodkamers, 'n teater, 'n badkamer en 'n stoorkamer. Die beplanning behels om binne die volgende drie jaar by 'n hospitaal met 42 beddens uit te kom.**



Etienne de Lange

- **Die rioolplaas: Die eerste fase van die opgradering van Orania se rioolstelsel het R8 miljoen gekos. Die nuwe rioolaanleg is nie net totaal onafhanklik van Eskom-krag nie, maar ook 100% natuurlik. Die reuse-oksidasiedamme is in 18 maande afgehandel en die eerste fase kan 3 000 mense diens. Die stelsel kan modulêr uitgebrei word vir 10 000 mense.**
- **Orania Veiligheidsdienste (OVD): OVD is volgens Etienne de Lange, hoof, by PSiRA geregistreer en lewer omvattende dienste op die dorp. Dit bestaan uit georganiseerde voltydse personeel wat Orania op 'n 24/7-basis moniteer en polisieer, vrywilligers, verskeie reaksiegroepe op bystand vir verskeie scenario's, 'n toegeruste pasiëntvervoerstelsel, loodsnytoerusting, 'n watervleuel met 'n reddingsboot, asook brandbestrydingstoerusting.**


Jan en Joelean Snyder


Willie Nel


Magdaleen Kleynhans

# Leef die droom ...

Orania is 'n gemeenskap waar daagliks gewerskaf en gewoel word. Benewens groot ontwikkelings en erwe wat uitgesit en gediens word, beskou al hoe meer mense dit ook as 'n plek waar hulle hul unieke vaardighede én ondernemings kan vestig en uitbou. Die landelike omgewing, veiligheid, opleidingsinstellings, 'n dorpsraad wat goed funksioneer én die gemeenskaplike visie en doelwitte van inwoners maak dit ook 'n plek waar mense hulle kinders wil grootmaak.

## JOELEAN EN JAN SNYDER BESIT DIE OU GOUD TOFFIES-WINKEL EN -FABRIEK OP DIE DORP

Hulle vervaardig unieke handgemaakte lekkergoed met besonderse verpakkings wat 'n Orania-reeks en erkenning aan die Boeregeneraals insluit. Die lekkers is baie gewild, veral onder toeriste. Hulle verpak tot 30 000 toffies per maand wat aan 40 winkels reg oor die land verskaf word. Die egpaar is reeds twee jaar in Orania en som hul keuse só op: "Ons bly heerlik hier. Orania bars uit sy nate en al was dit aanvanklik moeilik sien ons dit as 'n plek waar jy 'n lewensvatbare besigheid kan vestig."

## WILLIE NEL, EIENAAR VAN WILCO, 'N VERVOERONDERNEMING MET 'N KONSTRUKSIEAFDELING

Nel en sy ouers is vanaf 1991 in Orania waar hy as bouer begin het en homself opgewerk het tot 'n suksesvolle sakeman. Hy glo Orania se enorme groei en ontwikkeling skep baie geleenthede, veral in die boubedryf. Sy gesin en gemeenskap is vir hom belangrik en dit is veral vir hom lekker om met sy eie mense te werk. "Hier is nie klassisme nie. Ons is almal deel van die gemeenskap wat glo en werk vir ons groter ideaal. Dit is ook maklik om hier sover moontlik te meganiseer sodat ons goeie salarisse kan betaal. Nog 'n voordeel is 'n munisipaliteit wat behoorlik funksioneer en betroubare dienste lewer. Verder is Orania in die middel van die land wat jou in staat stel om ver besigheid te kan doen."

## MAGDALEEN KLEYNHANS, UITVOERENDE HOOF VAN SENBEL

Senbel is 'n belsentrum met AfriForum en Solidariteit as vennote. Dit het ook 'n afsonderlike kantien. Kleynhans het 11 jaar gelede geleentheid gekry om die onderneming na Orania te skuif. Die sentrum het met vyf agente begin en spog vandag met 35 personeellede. Kleynhans ken Orania vandat sy tien jaar oud is en haar ouers was baie betrokke in die beginjare daarvan. Vir haar het Orania 'n spesifieke identiteit en is dit 'n "plek tussen my eie mense waar ek my taal kan praat en vry in my denke kan wees". Sy


Renier Botha

wil haar drie seuns "op geen ander plek in die wêreld grootmaak nie".

### HENDRI LABUSCHAGNE, EIENAAR VAN DIE GEMSBOK SPORTINSTITUUT

Dit is die tweede tak van sy soort en die eerste wat Labuschagne in Orania oopgemaak het. Die instituut fokus daarop om soveel moontlik sportsoorte en -aktiwiteite aan te bied. Orania het baie jongmense wat ook baie aktief is. Tydens 'n aksienetbalgeleentheid daag tot soveel as 100 mense op. Rugby is ook gewild onder studente van Bo-Karoo Opleiding (BKO), 'n tegniese opleidingskollege in Orania. "Ek en my gesin glo in Orania en waarvoor dit staan. Ons voel veilig en wonder nie wanneer gaan ons in gevaar wees nie. Ek hou van die mense want almal hier is hardwerkend en doen wat hulle gedoen wil hê self. Ons is hier omdat ons die dorp wil help bou."

### ROELIEN DE KLERK, EIENAAR VAN ROELIEN DE KLERK JUWELE

De Klerk is sedert 1993 in die dorp en het die Orania-projek as student saam met ander en wyle prof. Carel Boshoff (stigter van Orania) aangepak. Sy het verskeie mense in diens en haar kliëntebasis strek tot in Namibië en elders in die buiteland. "Ek glo Afrikaners het 'n land nodig en hulle gaan dit nie kry as hulle dit nie self bou nie." Sy glo die toekoms lê in opleiding en daar is sonder twyfel baie geleenthede in Orania.

### ORANIA EN DIE BOERDERYGEMEENSKAP


Die Orania-gemeenskap het noue bande met boere in die omgewing en daar is 'n algemene benadering van samewerking en ondersteuning vir mekaar. Ook op veiligheidsgebied werk hulle nou saam om die dorp en die boeregemeenskap te beveilig.

### RENIER BOTHA, BESTUURDER VAN DENDRON BOERDERY


Dendron Boerdery fokus op pekanneute. Die boompies word vir die uitplantmark in 'n kwekery verbou. Die kweekhuis is 3 ha groot en tussen 20 000 en 60 000 plantjies word per seisoen gelewer. Daar is sowat 4 200 bome op 42 ha. Vir Botha is die voordeel om by Orania te boer die feit dat hy die voorreg het om saam met sy eie mense te werk. Daar is nie dieselfde uitdagings soos diefstal in ander dele van die land nie en die neute hoef nie voortydig geoes te word nie. Voorts is pekanneutpryse goed en by Dendron Boerdery word die moontlikheid nou ook ondersoek om organies te boer, wat weer nuwe markte in Europa skep.

### THEUNS AUCAMP, BOER

Aucamp het 'n passie vir mielies, springmielies en koring en is reeds agt jaar lank in Orania. Hy en sy seuns boer op sowat 220 ha onder besproeiing. Onder besproeiing is dit moontlik om twee oeste per jaar af te haal met koring wat in Desember geoes word en mielies of springmielies in Mei. Maksimale produksie is nodig gegewe die hoë insetkoste. Vir Aucamp, wat in murg en been 'n boer is, is Orania die beste plek omdat hy met sy eie mense werk en ook as mentor sy kennis van boerdery aan 'n jonger geslag kan oordra. "Ons is met 'n doel hier. Ons is bouers en vat saam hande om die gemeenskap te bou sodat meer mense hierheen kan kom."



Theuns Aucamp


Hendri Labuschagne


Roelien de Klerk

# Ons bou in die BUITELAND

Deur Ernst Roets


**Ernst Roets** in New York by die Young Republican Clubhouse.

Buitelandse steunwerwing is een van AfriForum se kernprioriteite. Die internasionalisering van Afrikaners se stryd is reeds in 2020 as een van AfriForum se kerndoelwitte vasgestel. Dit sluit veral steunwerwing vir AfriForum se projekte en veldtogte in. Dit behels ook dat AfriForum – op sy eie voorwaardes – nie net in die breër internasionale konserwatiewe beweging as rolspeler geposisioneer word nie, maar dat AfriForum ook waarde tot hierdie beweging toevoeg.

Buitelandse steunwerwing is vir AfriForum 'n belangrike strategiese doelwit omdat ons wil toesien dat Afrikaners – wat reeds oor die wêreld versprei is – hul identiteit behou en dat hulle gevolglik ook by die oplossing hier aan die suidpunt van Afrika betrokke raak. Ons doen dit ook omdat steun vanuit die buiteland tot AfriForum se doelwitte bydra omdat dit druk op die Suid-Afrikaanse regering plaas, maar ook omdat dit hoop skep. Ons doen dit ook omdat ons besef dat AfriForum slegs sy visie sal kan verwesenlik indien Afrikaners se regmatige strewes internasionaal erken word.

In ons beplanning vir 2023 het AfriForum ook buitelandse steunwerwing as 'n "spelbreker" geïdentifiseer. In ons woordeskat is spelbrekers die dinge wat ons veral in die kort tot medium termyn moet doen om AfriForum se visie 'n werklikheid te maak.

Terugskouend het ons inderdaad baie bereik. Enkele voorbeelde is:

AfriForum se deurbraak ná 'n dekade lange stryd om by die VN se afdeling vir nieregeringsorganisasies te registreer – hierdie forum bied meer geleenthede vir AfriForum om VN-vergaderings by te woon en ons saak daar te stel.

AfriForum het reeds 'n databasis van meer as 17 000 Afrikaners wat in die buiteland woon opgebou. Ons kommunikeer met hulle deur ons AfriForum Wêreldwyd-netwerk.

Verskeie aksies is van stapel gestuur om Afrikaans reg oor die wêreld te bevorder, soos om Afrikaanse ondernemings te ondersteun en om Afrikaanse kunstenaars na die buiteland te neem.

AfriForum het verskeie gesprekke met die regerings van onder meer die VSA, Hongarye, Australië en Nederland gevoer oor sake van belang vir AfriForum se lede.

AfriForum se aksies in die VSA het daartoe bygedra dat Donald Trump, voormalige Amerikaanse president, in die openbaar sy kommer oor plaasmoorde en onteiening sonder vergoeding uitgespreek het.

> **"AfriForum het verskeie gesprekke met die regerings van onder meer die VSA, Hongarye, Australië en Nederland gevoer oor sake van belang vir AfriForum se lede.**

Dit het gelei tot 'n ondersoek oor plaasmoorde en grondgrype in Suid-Afrika deur die Amerikaanse regering.

AfriForum se aksies het ook daartoe bygedra dat Mike Pompeo, voormalige Amerikaanse minister van Buitelandse Sake, tydens 'n toespraak die Suid-Afrikaanse regering se beleidsidees oor onteiening sonder vergoeding as verwoestend beskryf het.

Die parlemente in Australië en Nederland het al amptelike mosies aanvaar waarin hulle hul kommer oor die krisis in Suid-Afrika uitspreek.

AfriForum het verhoudings opgebou met dosyne ideesentrums, netwerke, joernaliste, politici en meningsvormers reg oor die wêreld met wie daar op 'n deurlopende basis geskakel word.

Verskeie afvaardigings van buitelandse politici en meningsvormers is in samewerking met die Solidariteit Beweging in Suid-Afrika ontvang.

Formele vriendskapsverenigings met gemeenskappe in verskeie lande is in samewerking met die Solidariteit Beweging gestig en versterk.

AfriForum se aksies is al op feitlik elke internasionale hoofstroomnuusnetwerk bespreek. Dit sluit CNN, BBC, ABC News, Sky News, Fox News, Al Jazeera, Russia Today, CCTV, Reuters, *The New York Times* en talle ander in.

Ons taak is om insette in uitsette om te skakel. Om uitsette vanuit die buiteland te kry gebeur egter nie oornag nie. Daarom moet ons nou na fase 2 oorbeweeg.

Een van die belangrikste komponente van ons opgedateerde buitelandse veldtog is om ons netwerk van Afrikaners in die buiteland meer by ons buitelandse veldtogte te betrek.

Weet jy van mense wat in die buiteland woon? Maak dan asseblief seker dat hulle deel van ons AfriForum Wêreldwyd-netwerk is! Besoek **www.wêreldwyd.co.za**.

***Ernst Roets is hoof van Beleid en Aksie by AfriForum.***

# 'Ons het nie die ANC se toestemming nodig vir federale plan'

Meer as 'n duisend AfriForum-takleiers het vanjaar die organisasie se drie streeksberade in Kaapstad, Bloemfontein en Pretoria bygewoon.

Tydens dié berade is leiers ingelig oor AfriForum se sewebeen-federale toekomsplan, asook strategieë oor hoe om hierby uit te kom. (Sien kassie hiernaas.)

Takleiers het inligting ontvang oor hoe hulle beter te werk kan gaan om wanfunksionele munisipaliteite te pak, terwyl hulle ook hande gaan vat om self op grondvlak te werk om die werklikhede van gemeenskappe te verbeter. Federalisme in werking beteken takke gebruik al hoe meer hul eie toerusting, mannekrag en kennis om dit wat in 'n dorp of gemeenskap gebreek is, reg te maak.

"Ons kan nie vir die ANC-regering wag om dinge te verander nie. Ons doen dit self. Om te oorleef het ons sterk selfstandige gemeenskappe nodig. Ankergemeenskappe moet voldoen aan die basiese behoeftes vir voortbestaan. Ons moet na ons eie veiligheid omsien en ons kultuur, taal en erfenis beskerm deur ook te kyk na hoe ons ons skole kan bystaan. Federalisme is 'n ingesteldheid. Ons moet ons gemeenskappe só bou en besluite neem oor sake wat ons direk raak sodat ons mense geborge kan voel," het Kallie Kriel, uitvoerende hoof van AfriForum, tydens dié berade verduidelik.



**Alana Bailey** en **Kallie Kriel**

## Wat behels AfriForum se sewebeen- federale toekomsplan?

- **Landwye ankergemeenskappe wat sterk en selfstandig is.**
- **Groter outonomie vir die Wes-Kaap.**
- **Die Pretoria- kulturele kanton waar kulturele infrastruktuur soos Sol-Tech en Akademia gebou word.**
- **Die Orania-kanton waar 'n Afrikanergemeenskap eie belange beheer en beskerm.**
- **Die internasionale kanton waar nouer bande gesmee word met Afrikaners wat die land verlaat het.**
- **Die skep en uitbou van selfstandige instellings soos AfriForumTV, AfriForum Teater en Forum Sekuriteit.**
- **Die uitbou van 'n netwerk van en tussen kulturele gemeenskappe.**





**Bateleur wil jou beloon vir jare se harde werk deur ons allesomvattende aftree leefstyl.**




VOLTITEL-HUISE VANAF 2-3 Slaapkamers
**R2 295 000** Groot: 151m² tot 170m²

- Perfek geleë in Nelspruit
- Gematigde Klimaat
- Restaurant & Gemeenskapsentrum
- Versorgingsfasiliteite & Tuisversorging
- Energiebesparende Huisontwerpe
- Hoë Tegnologiesekuriteit
- Geen Oordragkoste
- 12km Geplaveide Wandelpaaie in die Landgoed




VOLTITEL-HUISE VANAF 3 Slaapkamers
**R2 595 000** Groot: 179m² tot 226m²

sales@bateleurestate.co.za • Ashleigh - 079-155-1600 • www.bateleurestate.co.za

# AfriForum bou brûe met kultuurgemeenskappe

Deur Alet Rademeyer en Carina Bester



Opperhoof Gabo Moroka tydens haar kroning.

'n Erkennings-en-samewerkingsverdrag is onlangs by Thaba 'Nchu, oos van Bloemfontein, tussen AfriForum en die Barolong Boo Seleka-tradisionele gemeenskap onderteken.

"Dit het ten doel om 'n blywende verhouding te vestig en te handhaaf met die oog daarop om ewigdurende vrede en vriendskap tussen die Barolong Boo Seleka- en die Afrikaner-kultuurgemeenskap te verseker, asook om hul ekonomiese, maatskaplike en kulturele ontwikkeling te bevorder," sê Barend Uys, hoof van Interkulturele Verhoudings en Samewerking by AfriForum.

AfriForum en die Solidariteit Beweging se uitgangspunt is dat gemeenskapsfederalisme die oplossing vir die toekoms is aangesien die ANC-regering se sentralistiese benadering op vele terreine misluk het. Daarvoor is goeie interkulturele verhoudings en samewerking tussen gemeenskappe nodig.

Volgens Kallie Kriel, uitvoerende hoof van AfriForum, is 'n netwerk van kultuurgemeenskappe, gebou op wedersydse erkenning en respek, nodig vir gemeenskappe om saam te werk om 'n vry, veilige en voorspoedige toekoms te verseker. "Daar is tans 'n poging om AfriForum en Afrikaners te isoleer en hulle as die sondebokke voor te hou wat vir al die probleme in die land verantwoordelik is. Ons moet by ons voorgeslagte leer hoe hulle met ander gemeenskappe saamgewerk het en die woorde van pres. Paul Kruger onthou en dit wat goed is uit die verlede neem en daarop voortbou."

Flip Buys, voorsitter van die Solidariteit Beweging, sê Suid-Afrika beleef 'n groeiende krisis en dit is nie net weens swak regering nie, maar 'n onwerkbare bedeling. "Suid-Afrika is groter as agt Europese lande saam en niemand sal droom om die lande sentraal te bestuur soos in Suid-Afrika nie. Dit werk eenvoudig nie. Die oplossing is federalisme. Die grondslag daarvoor is reeds gelê met gemeenskappe wat weens die verval van die staat toenemend hul eie magte opneem.

"Ons kan nie vir die regering wag om reg te kom nie. Daarom moet selfstandige instellings gevestig word en kultuurgroepe organiseer. Dit is die beste skans teen 'n regering wat op grond van demografie aan die mag probeer vasklou en outoritêr regeer. Met elke ooreenkoms wat onderteken word is ons 'n stap nader aan groter samewerking tussen gemeenskappe en 'n stap nader aan minder mag vir die ANC."

> **"Ons kan nie vir die regering wag om reg te kom nie. Daarom moet selfstandige instellings gevestig word en kultuurgroepe organiseer.**

Opperhoof Gabo Moroka van die Barolong Boo Seleka sê hul voorouers, opperhoof Moroka II en opperhoof Tshipinare Moroka, het die voorbeeld gestel deur goeie verhoudings met ander kultuurgemeenskappe te vestig en regering deurlopend te verbeter. "Dit is vir ons 'n eer om in hul voetspore te volg en hul nagedagtenis te eer deur die goeie verhoudings met die Afrikaner-kultuurgemeenskap te laat herleef met die ondertekening van dié verdrag."

Die formalisering van betrekkinge tussen AfriForum en die Barolong Boo Seleka volg nadat betrekkinge tussen dié twee kultuurgemeenskappe oor die afgelope twee en 'n half jaar herstel is danksy AfriForum se steun aan die koninklike familie in hul regstryd om herstel en erkenning, asook die vestiging van 'n gesamentlike landbou-ontwikkelingsloodsprojek met die steun van AfriForum en ander netwerkvennote.




Flip Buys, opperhoof Gabo Moroka en Kallie Kriel

# AfriForum, Saai reik hand uit na boere op staatsgrond

Deur Carina Bester

AfriForum en Saai gaan boere wat suksesvol op staatsgrond boer maar deur die regering in die steek gelaat word, bystaan.

Drie boere in dié benarde posisie het hul tragiese verhale van mislukte grondhervormingsprojekte onlangs vertel. Whiskey Kgabo (Limpopo), Vuyani Zigana (KwaZulu-Natal) en Johannes Bezuidenhout (Wes-Kaap) voer 'n stryd om grondsekerheid op die staatsgrond waarop hulle boer en het verskeie uitdagings met die owerhede.

Volgens Kgabo word daar onwettig op sy grond geplak en omdat hy nie 'n titelakte vir die grond het nie, wil die SAPD hom nie help om die plakkers te verwyder nie. Die SAPD beskou dit as politiekery en nie as 'n misdryf nie en glo daarom dat die Departement van Landbou, Grondhervorming en Landelike Ontwikkeling tot die saak moet toetree. Hy word gevolglik van bakboord na stuurboord gestuur sonder enige oplossing.

Zigana is in 2019 van die staatsgrond waarop hy geboer het afgesit en sy vee is geskut. "Ek het alles verloor, maar het hulp van AfriForum en Saai ontvang en die saak kon buite die hof opgelos word." Hy boer egter nie meer op daardie grond nie, maar op 'n ander plaas omdat die grond waarop hy geboer het aan iemand anders – wat reeds grond besit en na bewering politieke bande het – toegeken is.

> **"Ek het alles verloor, maar het hulp van AfriForum en Saai ontvang en die saak kon buite die hof opgelos word.**

Bezuidenhout is 'n suksesvolle merinoboer wat al heelwat pryse ingepalm het en selfs kommersiële boere in landboukompetisies uitgestof het. Ondanks sy sukses sukkel hy ook om 'n huurkontrak by die regering te kry al het hy in 2020 reeds 'n dokument ontvang wat bevestig dat hy 'n 30 jaar-huurkontrak gaan ontvang.

Barend Uys, hoof van Interkulturele Verhoudings en Samewerking by AfriForum, sê die regering se totale onbeholpenheid om vir boere wat suksesvol op staatsgrond boer grondsekerheid te verskaf, bedreig welvaartskepping en voedselsekerheid. "Dit wek ook agterdog oor of die regering werklik opkomende boere se sukses wil verseker. Dit is duidelik dat die regering nie die vermoë het om die staatsgrond te bestuur nie. Om daarom te praat van die uitbreiding van staatseiendom, deur byvoorbeeld onteiening, is eenvoudig irrasioneel."

Volgens dr. Theo de Jager, direksievoorsitter van Saai, verdien die begunstigdes beter en versaak die regering hierdie boere. "Die onwilligheid en onvermoë van die regering om sy begunstigdes se basiese belange, eiendom en regte te beskerm, is die vernaamste oorsaak dat daar nog nie 'n klas winsgewende swart boere in die land is nie."

Die organisasies het briewe aan Thoko Didiza, minister van Landbou, Grondhervorming en Landelike Ontwikkeling, geskryf om dringend by die boere se saak in te gryp.




**Dr. Theo de Jager**, **Whiskey Kgabo**, **Barend Uys**, **Vuyani Zigana** en **Johannes Bezuidenhout**.

# AfriForum vergesel tradisionele afvaardigings na Orania

AfriForum en verteenwoordigers van die kantoor van opperhoof Zwelothando Mabandla van die AmaBhele kaJamangile- tradisionele gemeenskap en die kantoor van opperhoof Gabo Moroka van die Barolong Boo Seleka- tradisionele gemeenskap het Orania onlangs besoek. Die doel van die besoek was om interkulturele dialoog, vreedsame naasbestaan en aanvaarding van diverse kulturele identiteite te bevorder. Hierdie twee tradisionele gemeenskappe bevorder reeds landbou-ontwikkeling en 'n kultuur van selfstandigheid in hul onderskeie gemeenskappe en het hierdie geleentheid benut om te sien hoe Orania funksioneer as 'n gemeenskap wat selfstandigheid bevorder.



**Carel Boshoff**, **opperhoof Gabo Moroka**, **prinses Bhelekazi Mabandla**, **Joost Strydom** en **Barend Uys**.

# AfriForum verhoed verskuiwing van gestremde inwoners

Deur Carina Bester

Skaars 'n maand nadat AfriForum die Sunfield-tehuis Fortuna in Balfour met regsadvies bygestaan het, het dié organisasie in September daarin geslaag om 'n moontlike tweede Life Esidimeni-tragedie te voorkom.

Die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling in Mpumalanga het nie net die afgelope 14 jaar geweier om dié tehuis se subsidiebedrag te verhoog nie, maar het ook vanjaar gedreig om van die inwoners na ander tehuise te verskuif.

Dié tehuis sien tans om na 67 fisies en verstandelik gestremde inwoners, waarvan 36 inwoners deur die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling daar geplaas is.

> **Ons is baie dankbaar dat AfriForum ons in hierdie stryd bystaan om ons inwoners te beskerm.**

Volgens Brenda Gouws, algemene bestuurder van die Sunfield-tehuis, sukkel die tehuis finansieel aangesien hulle 'n skamele R1 984 per staatsgesubsidieerde inwoner per maand ontvang. Dit kom neer op 'n maandelikse tekort van R6 852,03 per staatsgesubsidieerde inwoner in hulle 2022/2023-begroting.

Hoewel die tehuis aan die departement geskryf het om dié kwessie onder hulle aandag te bring, het Sunfield tot op hede, ondanks verskeie versoeke, nog geen formele terugvoer ontvang nie.

In Augustus is Sunfield in kennis gestel dat die departement hulle gaan besoek om die gesubsidieerde inwoners se lêers deur te gaan aangesien hulle na ander tehuise verskuif gaan word. Die departement het opdrag gegee dat die inwoners teen einde September na ander tehuise uitgeplaas moet word óf terug na hulle families moet gaan óf terug in die samelewing geplaas moet word.



FOTO'S: CARINA BESTER

Inwoners van die Sunfield-tehuis Fortuna hoef danksy AfriForum se ingryping nie te verskuif nie.

Volgens AfriForum se regspan is die departement se weiering om die subsidiebedrag te verhoog en eerder die inwoners te skuif ongrondwetlik en irrasioneel en wil dit voorkom asof die departement bymotiewe het aangesien minstens twee ander tehuise in 'n radius van 50 km vanaf Sunfield dubbel die subsidiebedrag van die departement ontvang.

Gouws het net nadat die departement gedreig het om die inwoners te verskuif gesê die inwoners is vreesbevange en dat hulle gereeld berading by 'n maatskaplike werker ontvang het om hulle te verseker dat niemand hulle gaan verwyder nie.



**Brenda Gouws** en **Johann Olivier**

Nadat AfriForum in Augustus in 'n prokureursbrief aan die departement geëis het dat hulle die besluit om die inwoners te skuif moet heroorweeg en die subsidiebedrag dienooreenkomstig aanpas, was die organisasie genoodsaak om die hof te nader nadat die departement nie op die brief gereageer het nie. In die eerste hofsaak het regter Henk Roelofse in die Mpumalanga Hooggeregshof in Nelspruit 'n bevel toegestaan wat die departement verhoed om enige inwoner te skuif. Roelofse het ook beveel dat 'n advokaat met meer as tien jaar ondervinding as kurator *ad litem* aangestel word om namens die inwoners op te tree. "Ons is baie dankbaar dat AfriForum ons in hierdie stryd bystaan om ons inwoners te beskerm," sê Gouws.

Volgens Ernst van Zyl, veldtogtebeampte vir strategie en inhoud by AfriForum, is dit skokkend om te sien hoe gevoelloos die staat met die lewens van weerloses omgaan. "Hierdie is 'n groot oorwinning vir geregtigheid vir die weerlose inwoners van die samelewing wat onregverdig deur die regering behandel word. Dit benadruk ook die belangrikheid van organisasies soos AfriForum in 'n land met 'n gewetenlose regering."

Santana
VAKANSIEOORD | HOLIDAY RESORT




# Herontdek die Suidkus!

**Geniet 'n welverdiende vakansie aan die GOUE MYL-STRANDFRONT – of dit nou vir sake of 'n wegbreektyd saam met jou gesin is.**

**KOM DUIK IN DIE BRANDERS EN ONTSPAN OP DIE STRAND.**

**Santana, waar vakansiedrome waar word.**

**BESPREEK BY** 039 312 2443 of navrae@santana.co.za.

AfriForum

**AfriForum-lede kwalifiseer vir 20%-korting.**

**Bepalings en voorwaardes geld.**

SKY LODGE
Hartbeespoort
SELF-CATERING & LODGE

## Kom hou heerlik vakansie in die rustigheid van die natuur.

Sky Lodge bied 'n verskeidenheid selfsorgeenhede met uitstekende geriewe. Aktiwiteite by die lodge sluit swem, boogskiet, stap, voëlkyk en fietsry in. Daguitstappies na Hartbeespoort of gholf in die omgewing is ander opsies en gerieflik naby.

AFRIFORUM-LEDE ONTVANG 25%-KORTING – OOK TYDENS DIE DESEMBER-SKOOLVAKANSIE.

Bespreek op ons webtuiste by www.skylodge.co.za met promosiekode **AFRIFORUM25**. Bepalings en voorwaardes geld.

**082 903 3013 / skylodge@mweb.co.za**
**www.skylodge.co.za**





# Dink of Sink-deelnemers verras met spitsvondigheid

## AfriForum help jeug se selfvertroue bou




FOTO'S: CARINA BESTER

Noordstreek se senior wenspan: Afrikaanse Hoër Meisieskool Pretoria. V.l.n.r.: **Alana Bailey** (AfriForum), **Miné Hermann**, **Megan Kruger**, **Megan Jones**, **Clarindi Eloff** (afrigter), **Nicolene Müller** (AfriForum) en **Kallie Kriel** (AfriForum).

Deur Alana Bailey

In 2019 was die Dink of Sink-onvoorbereide debatskompetisie vir hoërskole sterker as ooit, maar toe breek 2020 en Covid-19-inperkingsmaatreëls aan ...

Twee jaar lank het AfriForum probeer om die kompetisievlam brandend te hou met 'n virtuele debatformaat. Dit was beter as geen kompetisie nie, maar bloot 'n skaduwee van die energieke byeenkomste en spitsvondige jong sprekers waaraan 'n mens gewoond was.

Met die aanbreek van 2022 het ons gewonder: Gaan die debatte by skole herleef of gaan 'n derde virtuele kompetisie ons voorland wees? En as ons weer kompetisies hou, gaan 'n nuwe generasie debatteerders deelneem, of het die twee jaar onherroeplike skade aangerig?

Uiteindelik kon ons begin reël aan kompetisies in die vier uitdunstreke soos in 2019 en wat 'n vreugde was dit om te beleef dat sowel die skole as deelnemers se entoesiasme selfs nog meer was as in 2019!

Die verre noordstreek se uitdunne het by die gasvrye Hoërskool Merensky in Tzaneen plaasgevind. 12 junior en 14 senior spanne van dié gasheerskool, asook Hoërskool Ben Vorster, Hoërskool Louis Trichardt en Hoërskool Pietersburg het kragte gemeet.

In die sentraalstreek is C&N Sekondêre Meisieskool Oranje in Bloemfontein al jare lank die trotse gasheerskool van die kompetisie. Vanjaar se opkoms was groot, met 13 junior en 22 senior spanne afkomstig van Eunice High School, Grey Kollege Sekondêr, Hoërskool Fichardtpark, Hoërskool Jim Fouché, Hoërskool Reitz, Hoërskool Sand du Plessis, Hoërskool Sentraal, Hoërskool Voortrekker en Hoërskool

Witteberg. In dié streek is een van die tradisies dat deelnemende spanne oorspronklike name moet kies, wat altyd vir groot pret sorg.

By die Hoërskool D.F. Malan in Bellville het mnr. Gert Visser en sy span weer 'n uitnemende kompetisie vir die suidstreek gereël.

Die deelnemers het nie net in die debatte meegeding nie, maar kon deur die loop van die program ook boekpryse wen om hulle leeslus aan te wakker. Benewens die debatteerders van D.F. Malan, het junior en senior spanne van Hoërskool Parel Vallei, Hoërskool Stellenberg, Hoërskool Stellenbosch, Hoërskool Hugenote, Paarl Gimnasium, Hoërskool Jan van Riebeeck, Hoërskool Tygerberg, Worcester Gimnasium, Hoërskool Langenhoven, Hoërskool Swartland, Hoërskool Durbanville, Paul Roos Gimnasium en die Hoër Meisieskool Bloemhof hier deelgeneem.

Die noordstreek se uitdunne het by die Hoërskool Montana in Pretoria plaasgevind. Naas die spanne van Montana het 29 junior en 23 senior spanne van die Hoërskool Ermelo, Hoërskool Nelspruit, Hoërskool Zwartkop, Hoërskool Waterkloof, Hoërskool Oos-Moot, Hoërskool Overvaal en Hoërskool Menlopark, asook die Afrikaanse Hoër Meisieskool Pretoria, die Afrikaanse Hoër Seunskool Pretoria en Helpmekaar Kollege aan die kompetisie deelgeneem. Die junior wenspan was van laasgenoemde skool afkomstig en die seniors van die Afrikaanse Hoër Meisieskool Pretoria. Dié twee spanne het ook nasionaal as wenners uit die stryd getree.



Noordstreek se junior wenspan: Helpmekaar Kollege. V.l.n.r.: Thea Kotzé, Emile du Toit en Danielle Wilkinson.

> **"Debatvoering is 'n vaardigheid wat ons jeug voorberei op 'n toekoms waar hulle met selfvertroue op hulle voete kan dink en hulle standpunte kan formuleer en oordra.**

Intussen het die reëlings vir 2023 begin. Die Hoërskool D.F. Malan se kompetisie sal op 12 Mei 2023 plaasvind, dié by die Sekondêre Meisieskool Oranje op 24 Augustus 2023 en by die Hoërskool Montana op 27 en 28 Julie 2023. Die verre noordstreek se datum was teen druktyd nog nie bekend nie. Skole wat graag wil deelneem kan hulle besonderhede aan Nicolene Müller, die nasionale konsultant vir Dink of Sink, stuur by **debat@afriforum.co.za**.

# AfriForum Jeug-internskap bou jong leiers se karakter

Deur Carina Bester



Vanjaar se groep studente by AfriForum.

Nege studente van reg oor Suid-Afrika was vanjaar deel van AfriForum Jeug se jaarlikse internskapprogram. Dié program is prakties van aard en die interns word toegerus met verskeie vaardighede.

Tydens die weeklange internskap het die studente aan talle aktiwiteite en sessies deelgeneem om meer oor die werksaamhede van die organisasie te leer. Hulle het onder meer gehelp met 'n skoonmaakprojek by 'n parkie in Centurion en rommelsortering as deel van 'n herwinningsprojek. Hulle het ook die Centurion-tak se beheerkamer besoek en aan 'n mediakonferensie deelgeneem.


Die studente het verder 'n aksie bygewoon waar die boek *Economic Facts and Fallacies* deur die Amerikaanse skrywer en ekonoom Thomas Sowell aan 'n verteenwoordiger van die kantoor van pres. Cyril Ramaphosa by die Uniegebou in Pretoria oorhandig is.

Volgens Ronald Peters, bestuurder van AfriForum Jeug, fokus die internskapprogram op verskeie vaardighede wat hierdie sterk leiers bemagtig. "Ons het spesifiek gefokus op praktiese onderrig en het die interns in verskillende scenario's geplaas sodat hulle uit die boks kan dink. Ons glo dit sal hulle bemagtig om voortaan 'n daadwerklike verskil in hulle onderskeie gemeenskappe te maak.

"Indien jy belangstel om deel te wees van aanstaande jaar se internskap by AfriForum Jeug, raak betrokke by AfriForum se strukture en staan op vir wat reg is. Maak seker jy gebruik die vermoë wat aan jou gegee is om 'n verskil te maak. Ons sal jou raaksien en moontlik nooi vir die internskap."

# Maroela Media bou vooruit en kry nuwe tuiste



*Die bou van eie selfstandige instellings is een van die bene van die Solidariteit Beweging se sewebeen- federale toekomsplan. Benewens instellings soos Sol-Tech en Akademia wat reeds groot sukses behaal, is Maroela Media ook só 'n boom wat reeds trots vrugte dra.*

Toe Maroela Media in 2011 sy deure oopgegooi het, was die droom om 'n tuiskomplek vir Afrikaanssprekendes te wees. 'n Huis, as't ware, (al is dit nou ook digitaal) waar mense hul skoene kan uitskop, 'n beker boeretroos kan skink en op die stoep kan kuier. 'n Plek waar hulle met oorgawe Afrikaans kan wees en praat, waar hulle idees kan uitruil, waar hulle mekaar kan verryk, troos en uitdaag.

Vanjaar, in die jaar wat Maroela 11 jaar oud is, het dié media-instansie 'n regte-egte huis gekry. Een met 'n stoep, 'n sinkdak, 'n koolstoof wat vroeg soggens lekker smeul, 'n groot kombuistafel waar almal 'n sitplek het, 'n waardige ou staanhorlosie wat stemmig tik en elke kwartier 'n deuntjie speel, boekrakke swaargelaai met boeke oor elke onderwerp, stokou houtmeubels wat liefdevol gerestoureer is en 'n laatmiddagson wat deur die blare van die groot bome in die tuin na binne filter.

Maroela het 11 jaar gelede 'n nederige begin gehad met twee personeellede en een kantoor. Gou het dié mediahuis aanklank gevind by Afrikaanssprekende lesers en talle mylpale is kort voor lank bereik: 10 000 lesers; toe 100 000; toe 500 000; toe een miljoen; en uiteindelik twee miljoen lesers per maand. Daarmee saam het die Maroela-span uitgebrei: Nog joernaliste is aangestel, toe iemand wat advertensies kan werf, toe administratiewe hulp, toe nóg joernaliste. Een kantoor het twee geword en mettertyd het die kantoorspasie ál met die gang af gekruip tot Maroela uiteindelik die volle spasie waar hul kantore was, gehuur en benut het.

'n Boer maak mos maar 'n plan en so deur die jare het die Maroela-span baie planne gemaak om hul beperkte kantoorspasie meer doeltreffend aan te wend. Maar ná tien jaar was dit duidelik: Dié spasie gaan nie meer die ding doen nie. Dit was tyd om vir Maroela 'n nuwe tuiste te vind.

Die vraag was, waar?
'n Hele paar beskikbare kantoorspasies is oorweeg, maar niks het reg gevoel nie. Maar toe hoor Maroela se bestuurspan van beskikbare kantoorspasie in 'n ou gebou op die Voortrekkermonumentterrein.

Die kantore was nou en donker, met swaar tralies voor die vensters en deure. 'n Lang, donker gang het



Maroela-personeel geniet 'n koppie boeretroos.



**Elsabé Erasmus** besig om 'n Smul-video te maak.



**Susan Lombaard** geniet Maroela Media se kantoorswaai.

## "Almal met wie ons gesels het, het saam gedroom.

deur die gebou gekronkel, en die swaar "knotty pine"-plafonne en swart leiklipvloere het 'n mens kortasem gemaak. Maar tog, vertel die span, kon hulle dadelik die potensiaal raaksien wat in die stokou gebou opgesluit was.

Daar is planne gemaak, somme gemaak, drome gedroom en prentjies geteken, net soos tien jaar terug. Dié keer was dit egter nie prentjies vir 'n digitale tuiste nie, maar vir 'n regte-egte Maroela-tuiste.

"Almal met wie ons gesels het, het saam gedroom," vertel Susan Lombaard, uitvoerende hoof van Maroela Media. "Vir hulle almal wil ek vandag dankie sê: Maroela Media se finansiële komitee en direksie wat van die begin af vuur en vlam was; Kanton, die Solidariteit Beweging se beleggingsmaatskappy wat eienaarskap geneem het van die bouprojek; die Voortrekkermonument se bestuur, wat van die begin af ons visie gedeel en ons met ope arms op die terrein verwelkom het; die projekbestuurder Francois van Vuuren; die argitek Jeremie Malan; die binneontwerper Wytske van Wyk; asook elke betrokkene en kontrakteur wat met die grootste werksetiek ingespring en deel van die span geword het."

Teen Kersfees verlede jaar was Maroela se nuwe kantore 'n leë dop en 'n hoop bourommel. Met dié afbrekery is die mooiste versteekte juweel van die gebou onder die lae en lae plafonne ontdek: houtdakbalke wat deur die hele gebou loop en lang, smal vensters onder die dakrand wat die daglig laat instroom.

Die bouwerk het in Januarie vanjaar begin en stadig maar seker het die prentjie vorm aangeneem. Vir elke uitdaging het die kontrakteurs 'n plan gemaak en die wenslysie wat Maroela op die tafel gesit het is noukeurig ingewerk. In die kombuis – 'n groot kuierkombuis soos jy in elke plaashuis kry – is 'n koolstoof staangemaak. Die stoep is gebou en het 'n sinkdak gekry. Teen elke moontlike oop muur is 'n boekrak gebou. Die ateljee het sy eie kombuis gekry waar reseptevideo's verfilm kan word, terwyl daar ook 'n drama-ateljee is waar radiodramas na hartelus vervaardig kan word. Die nuusspan kan uit die nuuskantoor buitentoe stap en in die inheemse tuin of op die stoep sit en werk. Maroela-muurpapier, soos dié wat die agtergrond van Maroela se webtuiste vorm, is ontwerp en in party vertrekke aangebring. En op die nippertjie, net voordat die span ingetrek het, het 'n 90 jaar oue oupastaanhorlosie sy plek in die Maroela-raadsaal gekry.


"Ek wens elke Maroela-leser kon 'n draai deur Maroela se nuwe huis kom stap en 'n koppie koffie by die kombuistafel geniet," sê Susan. "Want dis nie net ons tuiste nie, dis elke Maroela-leser se tuiste. Dis 'n plek wat elke oggend as ons instap, elke Maroela-spanlid moet herinner: Daar buite is 'n Afrikaanse gemeenskap wat wil behóórt. As die staanhorlosie sy deuntjie speel, moet ons onthou: ons mense soek 'n plek waar hulle tuis voel, waar hulle onbeskaamd Afrikaans kan wees. Dis ons roeping om dié plek vir hulle te skep."



Die nuuskantoor voorheen.



Die nuuskantoor vandag.



Maroela Media se joernaliste en kantoorbrak, Japie, hou van hul nuwe perseel.



Ingang




# Vyf jaar van AfriForum se **teenboelieveldtog** met film gevier

Deur Marthinus Koekemoer

AfriForum se teenboelieveldtog het vyf jaar gelede afgeskop en dié mylpaal is vanjaar met die uitreik van die kortfilm *Die val* gevier. Die film skep hoop vir tieners wat geboelie word of selfmoordgedagtes ontwikkel het.

*Die val* is sedert 10 September, wat ook Wêreldselfdoodbewusmakingsdag was, op AfriForumTV te sien. Die première van die film is op 6 September by die Atterbury-teater in Pretoria gehou waar dit goed ontvang is.

Lana Erasmus, assistent-projekbestuurder by Afrikaans.com, meen die film kan as goeie instrument dien om die boodskap van boeliegedrag oor te dra, terwyl Suné Swarts, 'n gr. 11-leerder van die Afrikaanse Hoër Meisieskool in Pretoria, aanklank by die film gevind het. "Daar is baie kinders wat perfek voorkom, maar eintlik is hulle hartseer. Sulke mense voer 'n innerlike stryd en hulle vriende moet help," sê sy.

> **"Die film skep hoop vir tieners wat geboelie word of selfmoordgedagtes ontwikkel het.**

Die AfriForum-teenboeliespan het landwyd reeds meer as 150 skole besoek. Hier het hulle nagenoeg 120 000 leerders, 6 000 onderwysers en 2 000 ouers oor boeliegedrag en die impak daarvan toegespreek. Die doel van die besoeke is om te help om boeliegedrag te identifiseer en hok te slaan. In uiterste gevalle kan dit tot selfdood lei en dit is een van die hoofredes waarom *Die val* vervaardig is.

"Hierdie film maak ons hande sterker, want ons kan nou soveel meer kinders bereik en dit op een platform. Hierdie film praat ook met ouers en onderwysers en dit wys hoe daar proaktief opgetree moet word. Ongelukkig is boeliegedrag iets wat nie sommer sal verdwyn nie en dit kom by volwassenes ook voor. Daarom is dit juis belangrik om kinders van 'n jong ouderdom af te leer om proaktief op te tree, om die hulpmiddels te gebruik wat daar is en om te vra vir hulp," sê Leandie Bräsler, AfriForum se bestuurder vir jeugleierskap.

Bräsler vertolk ook die rol van juffrou Sanet in die film en het die temaliedjie "As ek val" geskryf en gesing. Deoudoné van der Merwe as Melissa Strauss en Righard van Jaarsveld as Stefan Uys vertolk die hoofrolle. Die verhaal word hoofsaaklik vanuit Melissa se oogpunt vertel. Sy word erg geboelie in die aanloop tot die skool se matriekafskeid, maar met die ingryping van haar ouers en juffrou Sanet wil dit voorkom asof sy weer haar voete vind.

"Ek hoop die film bring mense tot die besef dat jy die een kan wees wat uitreik en help en so 'n lewe kan red," sê Deoudoné.

Die res van die rolverdeling sluit 'n aantal jong opkomende akteurs en 'n paar ou bekendes soos Bertha le Roux-Wahl in. Laasgenoemde sê sy het haar tyd op die filmstel geniet en besef hoe belangrik boelie- en selfdoodbewusmaking is.

Besoek **www.teenboelie.co.za** vir meer inligting oor AfriForum se teenboelie- en selfdoodbewusmakingsveldtog. Besoek ook **www.dievalfilm.co.za** of **www.afriforumtv.co.za** om meer oor *Die val* uit te vind.



**Jade Lee Morey** en **Deoudoné van der Merwe**


**Kallie Kriel** en sy vrou **Elana**.


*Die val*-span

AfriForum teater

# Dit is binnekort Kersfees. Kom vier die wonderlike Kerstyd saam met jou gesin by AfriForum Teater.

**10 Desember – Kerskonsert met Rocco de Villiers**
**14 Desember – Saamsing-Kersliedjies met Sonja Herholdt en Marius Marais**

**Die jongspan kan uitsien na Die stoute kabouter en die vermiste geskenke op 10, 14 en 15 Desember.**

Besoek www.afriforumteater.co.za.





# *Orkney snork nie*-reünie nou ook op AfriForumTV

Deur Alet Rademeyer

Byna drie dekades nadat *Orkney snork nie* duisende Afrikaanse huishoudings vasgenael voor die televisie gehad het, vind mense steeds aanklank by dié vermaaklike sitkom.

Die reünie van die akteurs is onlangs deur AfriForumTV by AfriForum Teater in Pretoria aangebied. 'n Geredigeerde opname hiervan is nou op AfriForumTV te sien, asook al vier seisoene van die *Orkney snork nie*-reeks.

Hierdie deurbraak is te danke aan Willie Esterhuizen, skepper van die reeks, wat glo Afrikaanse mense moet televisie gratis kyk en nie duisende rand per maand daarvoor betaal nie. Die moontlikheid word ook ondersoek dat AfriForumTV episodes vir *Vetkoekpaleis 2* gaan vervaardig.

Van die akteurs by die reünie het mekaar 28 jaar laas gesien. Hulle is egter soos 'n hegte familie wat die drade onmiddellik weer kon optel.

Waarom dink Esterhuizen is 'n reeks soos *Orkney snork nie* so bekend? "Ek glo dis omdat dit oor doodgewone ('n mynwerkersgesin van Orkney) mense met doodgewone lewens gaan. Hulle is nie skynheilig nie en almal kon en kan steeds met een en elk van die karakters identifiseer."

Hy meen die "elite Afrikaner" het destyds 'n helse gly in hom gevang en dit is daarom nie vreemd dat dit 11 jaar geneem het vandat hy die eerste episode geskryf het totdat dit die eerste keer deur die SAUK uitgesaai is nie. "Die hoofde van die SAUK het daarop neergekyk en 'n loodgieter en mynwerker was net nie goed genoeg nie. Die werklikheid is egter dat die Van Tonders en hul huis in Orkney die storie van so baie ander mense is ... ons kerk se mense."

En ja, die publiek dink steeds so! Frank Opperman (Ouboet) sê hy het nooit gedink dat mense hom 30 jaar later steeds sal voorkeer en met 'n "Hey, Ouboet!" sal groet nie.

Volgens Esterhuizen het hy die meeste van die karakters soos Annette Engelbrecht (Maggie) en wyle Zack du Plessis (Hendrik) vir die reeks in gedagte gehad. Dit is ook nie heeltemal toevallig dat van die akteurs in die werklike lewe ook familie is nie. Anrich Herbst (Wimpie) is byvoorbeeld Karleine Herbst (Lizz Koekemoer) se broer. Bernice du Toit (Riekie) is Du Plessis en sy vrou, die aktrise Magda van Biljon, se dogter. Clara Joubert van den Bergh (Hess) is met Regardt van den Bergh getroud en sy ma, Dulcie van den Bergh, is Ouma Gous in die reeks. Sally Campher (Yolanda/Yollie) is met Pieter Esterhuizen, Willie se broer en regisseur van die reeks, getroud. Anrich was ook saam met Rinus van Niekerk (Koert) op skool.

Die akteurs het met heimwee teruggedink aan die tyd toe die reeks verfilm is. Engelbrecht, wat ten tye van die reünie in Oos-Europa was, het via Skype gesê: "Daar is 'n ligtheid in my hart. Dit was die lekkerste tyd van my lewe."

Daar is ook met 'n traan in die oog teruggedink aan ontslape legendes soos Zack du Plessis, Dulcie van den Bergh, Jacques Loots (Oupa van Tonder) en Danie Smuts (Oom Hans) wat gehore laat skater het toe die reeks in 1989 op Vrydae en Saterdae voor 'n gehoor in die Auckland Park-ateljee opgeneem is. Die begroting was tot so 'n mate beperk dat daar in die stoorkamers gekrap is om te kyk waarmee die stel gebou kon word.

Mareli Theron, vervaardiger van die reünieprogram, glo dat AfriForumTV-kykers die reeks baie sal geniet. Nie net omdat baie van hulle dit sal onthou en dit 'n hunkering na die verlede sal meebring nie, maar ook omdat mense nuuskierig is om te weet wat van die akteurs geword het.



FOTO'S: MARTHINUS KOEKEMOER

Die akteurs van ***Orkney snork nie*** tydens die reünie by AfriForum Teater.



**Kallie Kriel** en **Willie Esterhuizen**



Ernst Roets, Ernst van Zyl, Monique Taute, Daniël Eloff, CK van Niekerk en adv. Mark Oppenheimer.

Regter Edwin Molahlehi

FOTO'S: MARTHINUS KOEKEMOER EN CARINA BESTER

# AfriForum appelleer teen gewraakte *Kill the Boer*-uitspraak

Deur Alet Rademeyer

AfriForum het hom tot die Hoogste Hof van Appèl in Bloemfontein gewend in die *Kill the Boer*-haatspraaksaak nadat regter Edwin Molahlehi vroeër in die Gelykheidshof in Johannesburg verklaar het dat dié dreunsanglied nie haatspraak is nie.

Ernst Roets, hoof van Beleid en Aksie by AfriForum, meen die uitspraak skep 'n baie gevaarlike presedent. "Die ontstellende boodskap wat met hierdie uitspraak gestuur word is dat die aanmoediging van die gruwelike moord van 'n sekere groep gebaseer op hul identiteit aanvaarbaar is en geen gevolge dra nie."

Die uitspraak is in akademiese geledere as "skokkend" beskryf en meningsvormers meen uitsluitsel op die hoogste vlak, naamlik die Konstitusionele Hof, is nodig oor die teenstrydige bevindings wat daar oor die sing van die lied heers. Die sing van die lied is in sowel 'n vorige hofuitspraak as deur die Menseregtekommissie (MRK) as haatspraak bestempel.

Prof. Koos Malan, emeritus professor in Publiekreg aan die Universiteit van Pretoria (UP), meen die uitspraak is "normaal" in 'n abnormale land soos Suid-Afrika waar sowel geweld as die aanstig daarvan in 'n beduidende mate normaal geword het. "In 'n normale situasie sou daar nie 'n kwessie gewees het dat die sing van die lied haatspraak is nie. Ons is egter in 'n bloeddorstige staat waar dit normaal geraak het. Ons moet ons oë oopmaak vir die werklikheid van die regbank se politiek."

> **In 'n normale situasie sou daar nie 'n kwessie gewees het dat die sing van die lied haatspraak is nie.**

**In 'n normale situasie sou daar nie 'n kwessie gewees het dat die sing van die lied haatspraak is nie.**

Malan is van mening daar hoef nie bewys te word dat *Kill the Boer* haatspraak is en inderdaad die uitwerking het dat mense vermoor word nie. "Al wat nodig is is om te erken dat die woorde letterlike betekenis dra. As die howe dit nie sien nie, sien hulle nie die feite nie. Hierdie is 'n eenvoudige saak: Dit gaan hier oor (Julius) Malema wat hom op 'n misdadige en roekelose wyse gedra wat die openbare vrede wil versteur."

AfriForum se standpunt is dat die uitspraak 'n duidelike boodskap aan die algemene publiek en minderhede stuur dat hulle hulself baie beter sal moet beskerm en beveilig. "Die uitspraak het bewys hoe die politieke bestel in Suid-Afrika besig is om te radikaliseer, veral teen minderhede. 'n Politieke bestel waar die aanhitsing en romantisering van geweld teen minderhede deur die regbank goedgekeur word, is nie 'n vrye, demokratiese bestel nie, maar 'n onderdrukkende bestel. Hierdie saak bevestig weer eens dat AfriForum nou sy aandag daarop moet vestig om ons veiligheidstrukture en sekuriteitsopleiding moet versterk en intensifiseer," sê Roets.

# Ons bou ons erfenis

Deur Alana Bailey

Erfenis kan nie net bewaar word nie, dit moet ook voortdurend gebou word. Elke nuwe generasie moet unieke bydraes daarby voeg, anders stagneer dit.

In dié verband is nuwe skeppings – van monumente wat opgerig word tot hedendaagse tradisies en selfs nuutskeppings in ons woordeskat – deel van die bou aan ons erfenis. Afrikaners is bekend vir ons innovering. Dink maar aan die Afrikaanse spreekwoord "'n boer maak 'n plan". Danksy projekte soos AfriForum Sakenetwerk se Tinteltong Toekennings gee ons byvoorbeeld erkenning aan die taal- en produkskeppings van entrepreneurs.

Bouwerk is verder nie net tot eietydse skeppings beperk nie, maar geld ook vir bewaring. Ons erfenishulpbronne word deurlopend die slagoffer van onbetrokke of selfs vyandige owerhede vir wie die bewaring van Afrikanererfenis geen prioriteit is nie. Sommige organisasies en individue het jare lank teruggesit en verwag dat die situasie vanself sal verander, wat natuurlik nie gebeur het nie en die agteruitgang net laat versnel het.

Gelukkig het AfriForum nog altyd gestaan by Flip Buys se wyse woorde: "Die toekoms van ons verlede rus in ons eie hande."

Voortdurend sorg ons vir die bou aan ons erfenisskatte, soos om by te dra tot die herstel van Totius se huis in Potchefstroom. Pragtige gemeenskapsprojekte vind plaas, soos byvoorbeeld waar AfriForum-takke begraafplase en monumente skoonmaak. Onlangs het ons Amanzimtoti- en Durban-Wes (Pinetown)-tak die konsentrasiekampbegraafplaas by Merebank gaan regruk. Dié terrein is nou so mooi dat 'n suksesvolle byeenkoms op Erfenisdag daar gehou is. Taklede het die geleentheid aangegryp om eienaarskap van hul erfenis te neem en dit tot 'n positiewe getuigskrif en bate vir die gemeenskap uitgebou.

> **Bouwerk is verder nie net tot eietydse skeppings beperk nie, maar geld ook vir bewaring.**

Nóg 'n voorbeeld is die werk wat in Bloemfontein geskied. Hier span 'n klomp takke saam om onder meer die President Brand-begraafplaas in stand te hou.

Die Bloemfonteiners het ook 'n projek saam met die welsynsorganisasie Anchor of Hope van stapel gestuur om die tuin van die historiese Ou Presidensie deurlopend te onderhou. Weens kommer oor die toekoms van standbeelde het die FAK, een van ons susterorganisasies, 'n projek geloods om van dié bakens te skandeer. Sou die slegste scenario waar word en dit vernietig word, kan dit deur die skanderings bewaar en selfs herskep word. Verder kan kleiner skaalmodelle gemaak word of replikas daarvan nou reeds elders opgerig word, soos wat die FAK tans in samewerking met AfriForum en die Solidariteit Bewegingstrust met die Krugerbeeldegroep van Kerkplein, Pretoria doen.

Hierdie aksies is soortgelyk aan 'n projek van die Iraniese kunstenaar Morehshin Allahyari. Nadat lede van die terreurgroep ISIS op 26 Februarie 2015 voorwerpe in die Mosul-museum vernietig het, het sy begin om driedimensionele weergawes daarvan te vervaardig. Binne-in word geheuestokkies geplaas wat afbeeldings, dokumente en video's bevat wat met die oorspronklike voorwerp verband hou. Inligting daaroor word dan ook aanlyn gedeel en die publiek word genooi om by die projek Material Speculation: ISIS betrokke te raak.

Wanneer erfenis dus agteruit- of selfs skynbaar tot niet gaan, hoef dit geen einde te wees nie, maar bloot 'n geleentheid om weer te begin bou. Stede soos Dresden en Nagasaki het mooier as ooit uit die puin ná die Tweede Wêreldoorlog herrys. Hierdie plaaslike en internasionale voorbeelde kan ons inspireer om selfs met eenvoudige stappe, soos bossies uittrek in 'n historiese begraafplaas of herstelwerk aan 'n historiese gebou, te bou aan die toekoms van ons erfenis.



Die Merebank-begraafplaas



'n Replika van Paul Kruger

# Help AfriForum om Burgersdorp se N.G. Kerk te restoureer!

Deur Alana Bailey

Die Oos-Kaapse juweel Burgersdorp het in 1846 op die plaas Klipfontein tot stand gekom met die stigting van die eerste N.G.-gemeente daar.

Die eerste kerkgebou is op 26 Mei 1849 in gebruik geneem. Naas dié historiese gebou huisves die dorp nog gedenkwaardighede soos die Nederlandse Taalmonument, 'n blokhuis uit die Anglo-Boereoorlog en die "nuwe" N.G. Kerk, wat in 1996 tot provinsiale erfenisbaken verklaar is.

Hierdie sandsteenkerkgebou is deur die beroemde William Henry Ford ontwerp en op 13 Desember 1913 ingewy. In die boek *Die NG Kerk – ons erfenis* word dit as een van die mooiste kerke in die land beskryf. In 2020 het 'n brand egter ernstige skade aan veral die koepel daarvan aangerig. Binne is waterskade gely. Die gemeente werk hard om die kerk te herstel in die geloof dat die fondse vir die projek met God se hulp gevind sal word. AfriForum dra tot die restourasiefonds by en doen 'n beroep op ons lede om ook skenkings te maak.

Die kerkraad, asook die ramp- en boukomitee betuig by voorbaat opregte dank vir enige ondersteuning.

**MAAK 'N SKENKING HIER:**

**Rekeninghouer:** NGK Burgersdorp Fonds
**Bank:** FNB
**Tipe rekening:** Tjek
**Rekeningnommer:** 63024501876
**Takkode:** 210320
**Bewys van betaling:** admin@ngkburg.co.za



Hulle doelwit is dat hierdie erfenisskat in die Afrikaner se kerkgeskiedenis op 13 Desember 2023 in gebruik geneem sal word – 110 jaar ná die inwyding daarvan.



# "Gaan hy ooit weer sy mense sien?"

Deur Ilze Nieuwoudt


**Hannelie du Preez, Karin Heydenrych, Ilze Nieuwoudt** en **Luan van Schalkwyk** van AfriForum Uitgewers by **prof. Fransjohan Pretorius** (middel).

"Hy is 'n krygsgevangene. Hy is stom vir die toekoms en weet nie wat gaan gebeur nie. Gaan hy ooit weer sy mense sien?"

Met dié treffende woorde het prof. Fransjohan Pretorius, historikus en reeksredakteur van Kraal Histories, die bekendstelling van Louis Changuion se boek oor die Boerekrygsgevangenes in die Suid-Afrikaanse kampe ingelei. Hiermee beskryf hy die rou emosie wat by talle krygsgevangenes gebroei het nadat hulle tydens die Anglo-Boereoorlog in Britse hande geval het.

Die boek, getiteld *Vasgevang!*, is in November bekendgestel en is AfriForum Uitgewers (voorheen Kraal Uitgewers) se vierde boek in die Kraal Histories-reeks. Changuion, wat tans in Nieu-Seeland woon, se boek spruit uit sy meestersgraadstudie wat aan die Universiteit van Pretoria (UP) voltooi is.

*Vasgevang!* is 'n kultuurhistoriese studie en volgens Pretorius 'n belangrike stuk werk. In die 20ste eeu is veral oor politici geskryf en as daar oor die Anglo-Boereoorlog geskryf is, het navorsers hulle op die konsentrasiekampe en die militêre veldslae toegespits, verduidelik Pretorius. Teen die 1970's het Afrikaanse historici egter ook begin om kultuurhistoriese werke oor gewone mense te lewer.

Die wel en weë van gevangenes is noukeurig in Changuion se studie opgeteken en verskeie bronne – insluitend dagboeke – het gehelp om 'n meer persoonlike blik op die lewe van krygsgevangenes te verkry.

Oor die totstandkoming van die Suid-Afrikaanse kampe het Changuion tydens die aanlyn bekendstelling benadruk dat die Britse owerhede onvoorbereid was op die oorlog. "Hulle het gedink dat dit binne 'n paar maande verby sou wees, maar dit was natuurlik nie die geval nie."

> **"Hulle het gedink dat dit binne 'n paar maande verby sou wees ...**

Die vestiging van kampe in die Kaapkolonie en Natal was die natuurlike gevolg.

Tog was die Britte dit nie uit die staanspoor eens oor wat om met die gevangenes te doen nie. Lord Kitchener en ander was byvoorbeeld van mening dat die gevangenes en hul families permanent uit Suid-Afrika verban moet word. Lord Milner was egter gekant hierteen en het gereken dat kampe in Suid-Afrika genoeg van 'n afskrikmiddel sou wees vir Boerekrygers om eerder die wapen neer te lê. Uiteindelik is twee kampe in Groenpunt, twee in Simonstad, asook 'n kamp in Ladysmith (bekend as Tin Town) en nog een in Umbilo (in Durban) opgerig om aan die vraag na huisvesting vir die massas krygsgevangenes te voldoen.

Teen die einde van die oorlog het meer as 28 000 mans en seuns in een of ander stadium tydens die oorlog in die Suid-Afrikaanse kampe gewoon.

*Vasgevang!* is nou beskikbaar in AfriForum Uitgewers se aanlyn winkel teen R270.


## Was jou voorvader in een van dié kampe? Vind só uit!

Het jy al ooit gewonder of een van jou voorvaders dalk onder die 28 000 krygsgevangenes was? Danksy die deeglike navorsing van die Oorlogsmuseum van die Boererepublieke kan jy vandag nog uitvind. Raadpleeg dié museum se toeganklike databasis vir meer besonderhede. AfriForum Uitgewers het ook 'n soekbare databasis van sterftes in die Suid-Afrikaanse krygsgevangenekampe saamgestel. Gaan soek jou voorouers op en vertel ons daarvan. Besoek gerus **www.afriforumuitgewers.co.za** om dié databasisse gratis te raadpleeg.

## Dr. Bietjie Beter, die kampdokter

Teen 1900 is 'n kampdokter in die Groenpunt-kampe aangestel. Dié medikus het gou onder die krygsgevangenes as Dr. Bietjie Beter bekend geword. Sy geykte groet ("Bietje beter? Steek uit de tong.") het gevangenes maar alte goed geken en was volgens oorlewering min of meer die omvang van die dokter se Afrikaanse woordeskat. Sy behandeling was ook – ongeag die ongesteldheid van die pasiënt – ewe voorspelbaar. Sy "wondermiddel" het bestaan uit 'n emmer krotonolie waaruit elke kranke 'n stywe dosis toegedien is.

# Boek bied blik op hóé Afrikaners by 'n nuwe toekoms kan uitkom




Deur Alet Rademeyer

Terwyl hierdie uitgawe van *Forum Tydskrif* breedvoerig die lig werp op hoe Afrikaners tans, ondanks staatsverval, elke dag woeker om hul huidige omstandighede te verbeter, gee die jongste boek uit die pen van Carel Boshoff, hoof van Die Vryheidstigting, 'n pragtige blik op die hoe en waarheen die volk op pad na 'n nuwe toekoms is.

*Tuiskoms: Waar ons vandaan kom en waar ons heen gaan* is inderdaad besielend en 'n inspirasie vir elke Afrikaner om vir 'n kort wyle stil te staan en te besin oor die reis na 'n nuwe môre. Dat dit nie maklik gaan wees nie is 'n gegewe, maar dat dit nie onmoontlik is nie en reeds in vervulling begin gaan het is niks anders as hoopskeppend nie.

*Tuiskoms* beklemtoon 'n daadwerklike besluit en bewuswording deur Afrikaners dat hulle nie "uitgelewer" is aan 'n regering of orde wat hulle vir ewig verantwoordelik wil hou vir alles wat in die land verkeerd geloop het nie of wat daarop uit is om voordeel uit hul ondergang te probeer trek nie.

Die verlede is verreken en daar is genoeg gepraat oor die Afrikaner se vervreemding, marginalisering, verlorenheid en selfs die verbrokkeling van sy identiteit onder 'n nuwe bestel wat in 1994 en daarna tot stand gekom het.

Die Afrikaner is gereed vir die volgende stap en dit is om 'n nuwe toekoms te bedink en hom daarvolgens te oriënteer. Daarmee saam in ag genome dat dit nie die eerste keer is dat die Afrikaner by só 'n punt te staan kom nie. Dink maar aan hoe die Afrikaner sy toekoms opnuut bedink en in eie hande geneem het ná die verwoesting en verplettering van die Anglo-Boereoorlog.

Daar is baie vraagstukke en wesenlike uitdagings wat uitgepak en aangepak moet word vir die Afrikaner om vorentoe te kan gaan en by 'n ander toekoms uit te kom.

'n Belangrike aspek wat *Tuiskoms* uitwys is dat die Afrikaner dit op merkwaardige wyse reggekry het en steeds doen om weer 'n funksionele kultuurgemeenskap te word en dat hy toenemend aan die behoeftes van staatlikheid begin beantwoord deur selfstandigheid. Hulle het begin en is besig om volhoubare oorlewingstrategieë in werking te stel.

Daar is egter 'n knoop en dit lê in demografie. "Die Afrikaners se getalle in die groter geheel het baie gekrimp en as die absolute getalle dan teen hulle tel, bly net die veranderlike van verspreiding en verskuiwing vir hom oor. En net soveel as wat bevolkingsbeweging tot 'n yl verspreiding van ons mense gelei het en in die verlede tot ons voordeel was, kan dit nou by wyse van positiewe konsentrasie in ons guns aangewend word. Daar sal egter 'n samehang tussen ons mense se spontane reaksie op hulle omstandighede én die planmatige bevordering van konsentrasiestrategieë bewerkstellig moet word."

> **Die verlede is verreken en daar is genoeg gepraat oor die Afrikaner se vervreemding ...**

Aldus Boshoff is die demografiese vraag dus ook: Het jy genoeg mense vir jou planne en het jy genoeg planne vir jou mense? Die antwoord volgens hom lê in elke Afrikaner apart én ons almal saam se hande. "En wat vir Orania in die kleine geld, kan met 'n sekere mate van vindingrykheid en verbeelding in 'n groter streeksverband aan die groter Orania-gedagte uitdrukking gegee word."

In *Tuiskoms* word egter ook tot die slotsom gekom dat die hele besinning oor die Afrikaner se toekoms nie van veel waarde is as dit nie by die "politiek van tuiskoms" uitkom nie. Alles kan opgesom word in vier woorde, naamlik dat die probleem verstrooiing is en dat die oplossing tuiskoms is. Die politiek van tuiskoms moet egter bemeester word om van tuiskoms 'n werklikheid te maak. En om dit te kan bereik moet die Afrikaner nog verreken waar hy vandaan kom, waar hy nou is en hoe hy hier gekom het voordat hy kan weet wat die toekoms nou vir hom beteken.

Wat egter soos 'n paal bo water staan is dat die Afrikaner se tuiskoms een moet wees waar hy vry is. Vry om as self, maar ook as volk saam te staan en hande te vat. 'n Tuiskoms in eie vel, maar ook die tuiskoms van 'n volk.

*Tuiskoms: Waar ons vandaan kom en waar ons heen gaan* kan by **admin@vryheidstigting.org** bestel word.



Carel Boshoff

# Dit is nodig om 'n veerkragtige jeug te bou

Deur Marthinus Koekemoer

Ten einde 'n toekoms te bou moet die jeug van môre ook toegerus word om met selfvertroue en veerkragtigheid te kan optree.

Dít is 'n belangrike doelwit wat AfriForum Jeug vir 2023 in die vooruitsig stel. "Ons gaan na 'n hoër rat oorskakel om werklike momentum aan ons nuwe strategie te gee. Dit behels dat ons meer sport- en sosiale geleenthede reg oor die land gaan aanbied wat jong Afrikaners sal saamsnoer, hulle sal help om ondersteuningsnetwerke te vorm en 'n tuiste te skep waar hulle hulself in 'n sosiale ruimte kan uitleef," sê Ronald Peters, bestuurder van AfriForum Jeug en AfriForum Sport.

Gefokusde ontwikkeling sal ook vir die jeug aangebied word om hul vaardighede uit te brei.

AfriForum Jeug het die afgelope paar maande belangrike aksies gedryf.

## KLAGTES

'n Strafregtelike klagte is teen prof. Pierre de Vos by die SAPD ingedien nadat daar glo kinderpornografie op sy Twitter-profiel geplaas is. Dié plasing het op 11 September omstreeks 17:00 verskyn en daar kon gesien word hoe 'n volwasse man 'n jong seun seksueel misbruik. Die klagte wat ingedien is is in ooreenstemming met artikel 19A(4) van die Wysigingswet op die Strafreg (Seksuele Misdrywe en Verwante Aangeleenthede) (32 van 2007), asook die bepaling teen die verspreiding van kinderpornografie in die Wet op Films en Publikasies (65 van 1996, soos gewysig).

"AfriForum Jeug beskou die kyk en verspreiding van kinderpornografie in 'n ernstige lig, veral gegewe dat kinderhandel 'n dreigende kwessie in Suid-Afrika word," sê René van der Vyver, woordvoerder vir AfriForum Jeug. "Verder skep dit 'n gevaarlike presedent as 'n prominente figuur blyk om homself daaraan skuldig te maak." De Vos beklee die Claude Leon-stigting-leerstoel in konstitusionele reg aan die Universiteit van Kaapstad. Hy het in die media verduidelik dat sy Twitter-rekening gekaap en pornografie daarop getwiet is. Die plasing is later verwyder.

## BOEK VIR RAMAPHOSA

AfriForum Jeug het op 6 Julie 'n eksemplaar van die boek *Economic Facts and Fallacies* deur Thomas Sowell aan 'n verteenwoordiger van pres. Cyril Ramaphosa oorhandig. Dít volg nadat die president in Junie daarop aanspraak gemaak het dat die ANC se eerste prioriteit sedert 1994 was om werk te skep. "Die president het in die aanloop tot Jeugdag 'n stelling gemaak dat 'n sosiale indiensnemingsfonds die oplossing is om werkloosheid onder die jeug te verminder. Onvolhoubare benaderings bemagtig nie die jeug nie, maar maak hulle eerder meer afhanklik van die staat. By AfriForum Jeug weet ons egter dat jongmense in Suid-Afrika staatsbestand moet wees om sukses te behaal," sê Van der Vyver.

Sowell se boek ontbloot ekonomiese valshede op 'n manier wat enigiemand kan verstaan. Die boek is saam met 'n brief waarin die gebaar verduidelik word aan die president se verteenwoordiger oorhandig. Die hoop is dat die boek Ramaphosa en die ANC-regering sal help om die koers van die Suid-Afrikaanse ekonomie te korrigeer.




**René van der Vyver** oorhandig die boek aan **Robert Hlongwane**.



**Die AfriForum Jeug-span is:**

Marthinus Erasmus – Junior jeugbeampte
René van der Vyver – Veldtogtebeampte: Jeug
Marné Buys – Jeugbeampte: Sosiaal en Sport
Petri van der Walt – Jeugbeampte: Strukture
Ronald Peters – Bestuurder: Jeug en Sport
Adrienne Bartlett – Jeugbeampte: Ontwikkeling



Finaliste (agter) en heelregs **Carami van der Vyver**, Akademia se sakeplankompetisiewenner. Voor is die beoordelaars.

# 2022 se entrepreneurs gryp die dag én die geleentheid

Deur Sanderien van der Walt

AfriForum Sakenetwerk se jaarlikse Entrepreneur van die Jaar-kompetisie sal vanjaar onthou word as een waar elke finalis deelgeneem het om te wys hoe hulle van geleenthede gebruik maak wat oor hulle pad kom.

Elke jaar wanneer dié kompetisie gehou word, word daar gehoop dat talle entrepreneurs daaraan sal deelneem, nie net om te wen nie – daar kan immers slegs een wenner wees – maar ook om die geleentheid te gebruik om hulle vaardighede op te skerp en van mekaar én die beoordelaars te leer. Die hart van die kompetisie is juis dat entrepreneurs sal wegstap met meer as net 'n kontantinspuiting.

Die kompetisie se eindrondte het op 29 September by Seebederfie in Grootbrakrivier plaasgevind, terwyl die gala-aand by Seeplaas in Grootbrakrivier gehou is.

## Die topvyfentrepreneurs wat vanjaar uitgestaan het is:

**Anneke Joubert**, 'n dieetkundige met 'n visie vir 'n gesonder Suid-Afrika. Haar teikenmark is peuters en kleuters. Sy kan sommer met haar blote oog skat hoeveel suiker in produkte is. Haar onderneming se naam is Bouter Happies en haar produkte sal binnekort reg oor die land by Mr Price-toonbanke verkoop word.

**Chanelle Retief**, eienaar van onder meer NutriFundi en verskeie gimnasiums, se passie is om veral binne haar eie gemeenskap te help om mense oor gesonde gewoontes op te voed. Sy kyk holisties na elke mens en neem ook in ag dat sielkunde 'n groot rol speel wanneer iemand hulle gewoontes wil verbeter.

**René Kleynhans** het vir die grootste deel van haar lewe as koördineerder by trouvenues gewerk, maar het tydens die Covid-19-pandemie nie meer werk gehad nie omdat meeste troues afgestel is weens inperkingsregulasies. Sy het dadelik 'n plan gemaak en begin om intiemer troues te reël sodat troues steeds kon plaasvind, ongeag die beperking op die aantal gaste. Sy is 'n "hopeless romantic" en hoop dat die rol wat sy in paartjies se lewens speel deel mag wees van die begin van alles wat mooi is.

**Zelle-Mari van Niekerk** is maar nog net 20 jaar oud, maar trek babas aan wat reeds op tydskrifte se voorblaaie gepronk het. Sy maak die allerfraaiste skeppings van die fynste lap, sny dit self en werk saans tot laat. Dít doen sy bo en behalwe dat sy ook tans besig is om voltyds te studeer.

**Bertha Lewis** is vanjaar se wenner. Sy het al as oudioloog, spraakterapeut én onderwyseres gewerk en selfs die rol van plaaslike media gespeel toe sy haar eie gemeenskapskoerant op die been gebring het nadat sy na Zeerust verhuis het. Haar liefde vir taal, spesifiek ons mooie Afrikaans, tesame met haar agtergrond as oudioloog en spraakterapeut, asook haar liefde vir speelgoed en veral teddiebere het haar laat besluit om 'n spesiale teddiebeer te ontwerp wat kan praat. Die beertjie praat nie net nie, maar word ook opgevoed uit Afrikaans se wonderlike skatkis van stories en liedjies. Wat 'n wonderlike oplossing vir taalontwikkeling!

Die geleentheid wat Lewis raakgesien het is 'n kenmerk van entrepreneurs. Hulle sien 'n gaping in die mark en gryp die geleentheid aan. Die beertjie se naam is Lingi, afkomstig van linguistiek, en sy stem is beskikbaar in Afrikaans óf Engels of Afrikaans én Engels.

Vanjaar se beoordelaars was Annette Muller, Forbes-bekroonde tegnologiese entrepreneur; Elmarie Berry, 'n kosstilis, mede-eienaar van Samesyn-restaurant en resep-ontwikkelaar wat al kos opgedis het vir die hertog van Kent; Johan Beukes, lewens- en sake-afrigter; Mia Louw, inhoudvervaardiger vir die kykNET-program *Winslyn*; en Marco van Niekerk, hoof- uitvoerende beampte van Outdoor Investment Holdings.



**Alita du Plessis** (2021 se wenner) saam met **Bertha Lewis**, 2022 se wenner.

# Buurtwagte is 'n groeiende alternatief vir selfbeveiliging

Deur Jacques Broodryk



**Jacques Broodryk**, woordvoerder van AfriForum Gemeenskapsveiligheid.

AfriForum het sowat 160 plaas- en buurtwagstrukture landwyd en nagenoeg 10 000 opgeleide vrywilligers wat 'n rol speel om hul buurte en omgewings te help beveilig.

Die toename in misdaad landwyd en die onvermoë van die SAPD om dié probleem hok te slaan en landsburgers veilig te hou, bevestig dat die uitbreiding van buurtwagte 'n groeiende alternatief vir selfbeveiliging is.

Die Departement van Gemeenskapsveiligheid in die Wes-Kaap het onlangs bevestig dat buurtwaglede in dié provinsie oor die afgelope vyf jaar met 277% toegeneem het. Ingevolge wetgewing in die Wes-Kaap het buurtwagte die opsie om hulself by die plaaslike regering te registreer, maar hulle is nie verplig om dit te doen nie. Syfers toon dat buurtwagte wat hulself wel laat registreer het, se ledetal van 4 093 tot 15 432 toegeneem het. Die werklike styging in lede van die publiek wat 'n aktiewe rol in die beveiliging van hul eie gemeenskappe begin speel het, is vermoedelik baie hoër, nie net in die Wes-Kaap nie, maar landwyd.

AfriForum se veiligheidstrukture fokus nie net op die ry van patrollies nie. Daar is vrywilligers wat mediese opleiding ondergaan, kommunikasiespesialiste, snuffelhondhanteerders, brandspanne en -voertuie, asook reaksiespanne (ook bekend as protospanne). Dit is almal vrywilligers wat gekies het om 'n verskil in hul gemeenskap te maak. Protospanlede ondergaan intensiewe opleiding in taktiese vuurwapenhantering, bloedingbeheer, regsaspekte en die insameling van inligting.

AfriForum se buurtwagte behaal ook gereeld groot suksesse. Dit wissel van die opspoor van gesteelde en verdagte voertuie tot die inhegtenisneming van verdagte persone en die opspoor van onwettige ammunisie, vuurwapens en dwelms.

Die goeie samewerking tussen wetstoepassers op grondvlak en AfriForum se buurtwagte is 'n wenresep om misdaad te help bekamp en te voorkom.

## OORGRENSMISDAADBEKAMPING IS 'N REUSE-UITDAGING

AfriForum het 'n projek van stapel gestuur om Suid-Afrika se grense te help beveilig. Die Grenswag Inisiatief is geloods ná die enorme ondersteuning wat die organisasie met die bekendstelling van die dokumentêre film *Open Borders* ontvang het. Dié dokumentêr het uitgebeeld hoe swak die grensbeheer tussen Suid-Afrika en Zimbabwe toegepas word en hoe AfriForum se buurtwaglede in dié grensgebied help om die gemeenskap te beveilig.

Die Grenswag Inisiatief se eerste aksie was om twee snuffelhonde aan AfriForum se Messina-buurtwag te skenk. Albei dié honde (Duke en Hailey) is opgelei om spoor te sny, terwyl Duke ook spesifiek opgelei is om vuurwapens en dwelms uit te snuffel. Die honde is waardevolle magsvermenigvuldigers in die Messina-buurtwag se optrede om smokkelaars en hul smokkelware vas te trek. Die smokkelaars kom gereeld deur dig bebosde gebiede oor die grens en die honde sal help om vinnig op hul spoor te kom. Verlede jaar het dié buurtwag gehelp om beslag te lê op gesmokkelde bates met 'n waarde van meer as R12 miljoen, wat smokkelaars behoorlik afgeskrik het.

Die Grenswag Inisiatief sal verder daarop fokus om AfriForum se veiligheidstrukture in grensgebiede reg oor die land te versterk en te ondersteun. Verskeie individue en organisasies het reeds aangedui dat hulle graag toerusting sal wil borg vir die buurt- en plaaswagte in grensgebiede.

**Die tweede episode in die *Open Borders*-reeks is ook pas bekendgestel. "The carjacker's carnival" fokus op die probleme wat die gebrek aan grensbeheer op die land se grens met Mosambiek veroorsaak, veral waar dit van toepassing is op die diefstal van motors in Suid-Afrika.**



# Eerste vrou voltooi strawwe protospankursus

***Caren Joubert** en haar hele gesin is betrokke by AfriForum se veiligheidstrukture in Bloemfontein. Sy is die eerste vrou wat die organisasie se strawwe protospankursus voltooi het en nou wil sy ander vroue leer om hulself te beskerm. **Chanté Kelder** het met haar gesels.*

**HOE HET JY BY AFRIFORUM SE VEILIGHEIDSTRUKTURE BETROKKE GERAAK?**

My man Leon is die veiligheidsvoorsitter van die AfriForum-buurtwag in ons area en ek het saam patrollie begin ry. My seun is ook betrokke by die buurtwag en my dogter by AfriForum Jeug se strukture. Ons is almal ook saam in die vrywillige brandspan.

> Ek kan nie genoeg vir AfriForum dankie sê vir hierdie geleentheid om te kon leer wat ek geleer het nie.

**JY IS DIE EERSTE VROU WAT DIE PROTOSPANKURSUS AANGEPAK HET. WAT HET JOU LAAT BESLUIT OM DIT TE DOEN?**

Ek het nog altyd op my man staatgemaak om my te beskerm; hy was in die polisie en ek het altyd veilig gevoel. 'n Paar jaar gelede was ek egter alleen by die Glas Paleis hier in Bloemfontein toe iemand my kettinkie van my nek af geruk het. Ek het nie geweet wat om te doen of wie om te bel nie, ek was so deurmekaar. My gevoel van veiligheid het verdwyn en ek het besef dat my man nie altyd daar kan wees om my te beskerm nie. Toe ons die geleentheid kry om die protospankursus by te woon het ek geweet ek kan nie die kans laat verbygaan om meer te leer oor veiligheid en om myself te beskerm nie.

**WAT WAS VIR JOU DIE MEES UITDAGENDE VAN DIE OPLEIDING?**

Waarskynlik om die terme te leer. Die meeste van die mans wat die kursus bygewoon het kom uit die weermag of polisie, so hulle is gemaklik met die terme, maar ons vroue weet nie altyd nie al het ons al daarvan gehoor. Dít was vir my die moeilikste. Ek was nie bang vir die skietery nie, ek was versigtig maar ek dink die skietery was vir ons almal die lekkerste.

**WAT WAS DIE WAARDEVOLSTE DING WAT JY GELEER HET OP DIE KURSUS?**

Om beter te observeer, om te alle tye bewus te wees van wat om jou aangaan. Jy moet rondkyk. Kyk wie is om jou, wie loop waar ... Dieselfde in winkels. Wie is die mense wat hier loop? Moenie net op jou foon besig wees wanneer jy in die winkels loop nie, kyk rond en wees bewus, anders maak jy jouself 'n teiken. Dit is belangrik om in die omgewing waar jy is te weet waar jy veilig is, waarheen jy kan gaan in 'n noodsituasie.

Daar is verskeie aspekte van die protospanopleiding wat ek nou toepas. Wanneer ons patrollies ry dan is ek bewus van plekke waar misdadigers kan wegkruip, hoekies waar hulle 'n voordeel kan hê en waar buurtwaglede 'n teiken kan wees.

**SAL JY JOU DOGTER EN ANDER VROUE AANRAAI OM DIE KURSUS TE DOEN?**

Definitief. Ons moenie ons kinders, veral ons dogters, in 'n "bubble" grootmaak nie. Vroue moet besef daar is gevare daar buite en hulle moet hulself kan beskerm.

**WAT IS DIE EERSTE DING WAT IEMAND IN 'N NOODSITUASIE MOET DOEN?**

Die belangrikste is om te observeer en bewus te wees. Daar is baie inligting wat jy in vyf sekondes aan nooddienste kan oordra en die beste manier om volledig daardie inligting deur te gee is om hierdie vyf vrae te kan beantwoord: Waar het dit gebeur? Wat het gebeur? Wie is betrokke of beseer en hoe erg? Wanneer het dit gebeur? Hoe het dit gebeur?

**WAT IS JOU BOODSKAP NADAT JY DIE OPLEIDING VOLTOOI HET?**

Dit was 'n voorreg om hierdie kursus te kon doen. Ek dra my balkie met trots. Ek kan nie genoeg vir AfriForum dankie sê vir hierdie geleentheid om te kon leer wat ek geleer het nie.

> Die protospankursus is 'n weeklange kursus waar buurtwaglede hulle vermoëns opskerp. Deur die loop van die week moet die buurtwaglede onder meer 'n roete met 'n motorband oor die skouer hardloop, selfverdedigingstegnieke aanleer en 'n scenario-operasie voltooi.



Caren Joubert

# Boere, beveilig julself!


Adv. Johan Hamman


Die paneelbespreking


Dr. Theo de Jager

Deur Alet Rademeyer

Regslui en kenners van boere se omgewings en omstandighede het onlangs 'n dringende beroep op boere gedoen om gebeurlikheidsplanne gereeld in te oefen en hul vuurwapens te gebruik indien hul lewens of eiendom bedreig word.

AfriForum het 'n konferensie getiteld "Die boer en die reg" gehou waar kundiges gepraat het oor wat boere te doen staan in geval van betreding en grondgrype. Hulle het ook regsadvies gegee oor wanneer uit noodweer (selfverdediging) opgetree mag word.

Dr. Theo de Jager, direksievoorsitter van Saai, het oor plaasveiligheid vanuit 'n praktiese oogpunt gepraat. "Nie twee boere of twee plase is eenders nie en gevolglik sal veiligheid nie dieselfde hanteer word nie. Plaasveiligheid is 'n ingesteldheid en met elke denkbare faset van die boerdery verweef. Elke boer moet besluit hoe hy homself en sy gesin se veiligheid hanteer en bestuur. Dit is nie iets wat jy in 'n boek kan lees nie. Dit is egter belangrik dat elke boer en sy gesin 'n deeglike plan moet hê en dit gereeld oefen sodat hulle presies weet wat om te doen wanneer iets gebeur."

De Jager meen boere is keelvol vir politieke korrektheid wanneer daar oor plaasaanvalle gepraat word. "Daar is iets meer aan plaasaanvalle. Dit is nie dieselfde as ander gewelddaad nie. Niemand sing 'Kill a Cape Flat gangster' soos wat *Kill the Boer* van verhoë af gesing word nie. Ander geweld gaan ook nie met die marteling gepaard wat jy tydens plaasaanvalle sien nie."

> “ Jy moet skiet om te keer dat jy geskiet word.

Adv. Francois Kriel, lid van die Noord-Gautengse Vereniging van Advokate, het verduidelik wanneer selfverdediging geregverdig is. "Noodweer is in die meeste gevalle geregverdig wanneer jy jou lewe en liggaamlike integriteit moet beskerm, in die geval van plaasaanvalle en kapings én wanneer jy jou eiendom regmatig moet beskerm. Om uit noodweer op te tree is dit belangrik dat 'n aanval teen jou reeds 'n aanvang geneem het of bedreigend is. Jy moet skiet om te keer dat jy geskiet word."

Kriel sê indien jy 'n vuurwapen aftrek moet dit noodsaaklik wees om 'n aanval af te weer en die minimum geweld moet gebruik word. "Soms is dit genoeg net om te sê dat jy gewapen is."

Volgens Kriel mag jy 'n oortreder skiet wat in jou huis – wat jou skuiling is – inkom en jou wil aanval. Die perk van noodweer mag egter nie oorskry word nie en daar moenie meer geweld gebruik word as wat nodig is om die aanval af te weer nie.

Adv. Johan Hamman, lid van die Pretoria Balie, het die omstrede kwessie van betreding, jag met honde op plase, grafbesoeke en begrafnisse hanteer. "Dit is vir grondeienaars moeilik om die polisie te oortuig dat betreding 'n misdaad is. 'n Boer kan self 'n arrestasie uitvoer, maar moet sorg dat die betreder so gou moontlik aan die polisie oorhandig word."

Wat begrafnisse en grafbesoeke betref, sê hy aspekte soos hoe lank okkupeerders op die plaas gebly het, verwantskap met die oorledene en bepaalde geloofsgebruike moet in ag geneem word.

Omdat dit so 'n grys gebied is, raai hy boere aan om die versoeke te weier en van die aansoekers te eis om verwantskap en dies meer te bewys. Wanneer grafbesoeke wel toegelaat word, mag 'n boer sekere voorwaardes stel soos dat daar om veiligheidsredes nie vuur gemaak mag word nie.

Wat jag met honde betref, sê Hamman dit word as onwettige betreding beskou, maar boere moet versigtig wees hoe hulle in die situasie optree. Die skiet van honde op jou grond kan problematies wees.

Adv. John Welch, senior lid van die Gautengse Vereniging van Advokate in Pretoria, het op vuurwapenkennis en -gebruik gefokus.

"As jou vuurwapen in 'n kluis is, is dit nutteloos en as jy nie beheer daaroor het nie, is dit ook nutteloos. As jy nie jou vuurwapen in 'n noodsituasie by jou het nie, beteken dit vir jou niks. Jy moet gefokus wees om jou wapen te gebruik as deel van jou oorlewingsplan."

# Traumaeenheid help slagoffers om emosioneel te herstel



Hennie Human, Johan Kloppers, Raymond Hohls, Izel Kruger en Magda Coetzee.

Deur Alet Rademeyer

Niemand wat nie self al die slagoffer van 'n plaasaanval of -moord was weet regtig waardeur dié slagoffers en hul naasbestaandes gaan nie.

Dit is iets wat nooit werklik weggaan nie en al wat 'n mens kan doen is om dit 'n saak van gebed te maak en jou met goeie mense te omring wat jou daardeur kan help dra.

Dit is waarom hy 110% agter AfriForum se traumaeenheid staan, sê die sanger en liedjieskrywer Appel, wat die gaskunstenaar by vanjaar se ambassadeursfunksie was.

"My ouers woon self op 'n plaas in die Brits-omgewing waar daar al baie aanvalle was. Ek wens dit waardeur slagoffers, veral bejaardes, gaan nie my grootste vyand toe nie. My hart gaan uit na elkeen van hulle. Ons kan net bewusmaking skep. Kyk waar jy kan help en ondersteun die traumaeenheid sodat hul projekte soos 'n veldbrand kan versprei."

Die funksie, ter bewusmaking en ten bate van die eenheid se slagofferondersteuningsfonds, is by AfriForum Teater gehou waar teatergangers eerstehands na van die slagoffers se ongelooflike hartseer en traumatiese verhale kon luister.

Die meeste van die slagoffers, wat op een of ander manier deur die traumaeenheid bygestaan is, was dit eens dat die ondersteuning en hulp wat hulle van dié span gekry het hulle nie net deur die ergste gehelp het nie, maar ook weer moed gegee het om op te staan en met hul lewens aan te gaan.

Ben en Estelle Vosloo, wat al 21 jaar lank in die Boschkop-Rayton-omgewing buite Pretoria woon, is al drie keer aangeval en hulle was geweldig getraumatiseerd ná die aanvallers in hul huis was. "Ons het wonderbaarlik niks oorgekom nie. Dit was werklik asof 'n engel van die Here daar was. Toe Hennie (Human) van die traumaeenheid ons besoek het, het daar 'n groot kalmte gekom. Hy het ons bemoedig en gedra. Ons sou dit nie sonder AfriForum kon doen nie. God se liefde deur hulle het vir ons weer orde geskep," vertel Estelle.

Etricia du Toit, nog een van die slagoffers wat al vier plaasaanvalle oorleef het en tydens die laaste een in haar ken geskiet is, het gesê: "As dit nie vir die krag van die Here en die bystand van AfriForum se traumaberaders was nie, het ek dit nie gemaak nie. Ek is doodeerlik. Julle is wonderlike mense en doen wonderlike werk."

Du Toit (75), van Messina in Limpopo, se wonde moes ná die plaasaanval in Mei 2018 waarin haar kaak vergruis is, eers herstel voordat dokters haar ken en tande kon begin opbou. Sy het verskeie operasies ondergaan en het nie gevoel waar die wond was nie.

Izel Kruger, projekbestuurder van die traumaeenheid, sê die funksie word gehou vir die bewusmaking van plaasaanval- en plaasmoordslagoffers en om hulle ook geleentheid te gee om na mekaar uit te reik en ondersteuningsnetwerke te vorm. Ondanks kaartjieverkope is daar ook vanjaar sowat R70 000 deur Meerkat Online Auctions ('n aanlyn veiling) ingesamel.



Appel

## Die slagoffer-ondersteuningsfonds word gebruik vir:

- **DIE SKOONMAAK VAN TONELE WAAR MENSE AANGEVAL IS;**
- **DIE AANKOOP VAN NUWE LINNE;**
- **DIE AANKOOP VAN KRUIDENIERSWARE;**
- **HULPVERLENING MET DIE OPSKERP VAN SEKURITEIT SOOS OM VEILIGHEIDSHEKKE AAN TE BRING EN ALARMS TE INSTALLEER; EN**
- **HULP MET DIE KOSTE VAN OPERASIES, MEDIKASIE EN HOSPITAALPROSEDURES WAAR SLAGOFFERS DIT NIE KAN BEKOSTIG NIE.**

# Afri-babas

*AfriForum en sy filiale se personeel was vanjaar besonders geseënd. Altesaam 17 babas is in 2022 gebore en teen druktyd moes twee personeellede se babas nog gebore word.*


**Iné** en **Ben Bester** se seuntjie **Coetzee**


**Anita** en **Eduan Dupper** se dogtertjie **Anja**


**Shinelle** en **Michael Brewis** se dogtertjie **Lente-Minette**


**Marié** en **Sampie Steinberg** se seuntjie **SJ**


**Salet** en **Dwayne Smith** se seuntjie **Migael**


**Mienke** en **Morné Mostert** se dogtertjie **Mieke**


**Simoné** en **Herman Perry** se seuntjie **Matthew**


**Marnus** en **Alicia Kamfer** se dogtertjie **Lerine**


**Llewellynn** en **Sasha-Lee Hemmens** se dogtertjie **Eveanna**


**Jeske** en **Hendri van der Walt** se dogtertjie **Tineke**


**Michelle** en **Schalk Smit** se dogtertjie **Tegan**


**Magdel** en **Gerrit Janse van Rensburg** se dogtertjie **Alani**


**Quintin Mills** en **Awelani Singo** se dogtertjie **Isabelle**


**Marike** en **Hendri Labuschagne** se seuntjie **HW**


**Hester** en **André O'Callaghan** se dogtertjie **Ava**


**Deidré** en **Derek Steffens** se seuntjie **Janko**


**Lambert** en **Charmanay de Klerk** se seuntjie **Christiaan**

# Ons help Afrikaans lewend hou in die buiteland



Joe Black

Deur Sue-Ann de Wet

*Afrikaans is Lekker* is 'n Afrikaanse konsertreeks wat jaarliks in Australië en Nieu-Seeland gehou word en deur South African Events aangebied word. Vanjaar het kunstenaars soos Jo Black, Elandré en Danny Smoke Suid-Afrikaners in die buiteland vermaak.

AfriForum Wêreldwyd het weer eens as trotse hoofborg vir dié konserttoer opgetree. Dit is vir ons belangrik dat Afrikaners in die buiteland informeel kan saamkom en steeds 'n geleentheid kry om hul kultuur te vier. Hulle is ons familie, vriende en ambassadeurs. Taal en kultuur is immers iets wat mense oor landsgrense heen saambind.

Volgens Arno Nel van South African Events en organiseerder van die *Afrikaans is Lekker*-konserte, was dit 'n voorreg om saam met Jo Black, Elandré en Danny Smoke te kon toer. "Elkeen het sy stukkie Afrikaans en soveel meer vir ons gegee. Dit was 'n reusetoer wat die gemeenskap in Australië en Nieu-Seeland saamgesnoer het. Volgende jaar maak ons weer so."





FOTO'S: RIAN CLOETE PHOTOGRAPHY

*Afrikaans is Lekker 2023* se eerste optredes in Australië en Nieu-Seeland is reeds aangekondig. Die toer sluit kunstenaars soos Appel en Ricus Nel in. *Afrikaans is Lekke*r gaan in 2023 ook 'n draai in Kanada en Londen maak, so vertel jou vriende en familie wat daar woon om op die uitkyk daarvoor te wees!


**0861 28 26 21**

Standaard-oproeptariewe geld.

**Bêre dit, vir ingeval.**

**#DieNommerOmTeHou**

**AVBOB is die onderlinge genootskap om aan te behoort.**

As 'n **AVBOB**-lid kan jy kwalifiseer vir **GRATIS** begrafnisvoordele* *tot en met* die waarde van **R18 000** wat deur **AVBOB** Begrafnisdiens verskaf word:

- 'n **GRATIS** basiese begrafnis ter waarde van **R13 000** wat die begrafnisreëlings, 'n gespesifiseerde kis en 'n lykswa insluit
- 'n Onmiddellike kontant-uitbetaling van **R2 500** vir aanvanklike uitgawes
- **GRATIS** vervoer van die oorledene binne die grense van Suid-Afrika

**www.AVBOB.co.za**

*Bepalings en voorwaardes geld. **GRATIS** begrafnisvoordele is slegs van toepassing indien **AVBOB** Begrafnisdiens die begrafnis onderneem. **AVBOB** Onderlinge Versekerings Genootskap is 'n gelisensieerde lewensversekeraar en gemagtigde finansiëlediensteverskaffer. FDV 20656. **AVBOB** is 'n vlak 2 SEB-bydraer.

NFDA ASISA A MEMBER OF THE ASSOCIATION FOR SAVINGS & INVESTMENT SA

top EMPLOYER SOUTH AFRICA 2022 CERTIFIED EXCELLENCE IN EMPLOYEE CONDITIONS


AVBOB ONDERLINGE GENOOTSKAP

AVB-SER-220909

***FORUM TYDSKRIF*** **WOORDBLOK NO. 3 VAN 2022 (Saamgestel deur Louis Krouwkamp)**

**GESKIEDKUNDIGE LEIERS EN HELDE VAN SUID-AFRIKA**

| | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| W | P | R | O | F | T | J | A | A | R | T | P | I | E | T | I | M | S | U | I | T | O | T | G |
| F | F | A | A | R | G | H | W | K | W | A | L | E | D | N | A | M | N | O | S | L | E | N | E |
| I | I | V | F | W | D | F | E | C | D | R | E | O | W | R | E | V | W | W | W | H | T | C | R |
| J | S | O | T | E | E | K | V | I | L | J | O | E | N | T | V | O | S | A | C | O | E | R | T |
| D | C | R | D | W | I | R | S | F | L | F | G | D | W | R | W | S | K | A | S | C | W | C | M |
| A | H | S | R | B | M | T | A | B | M | E | I | A | U | A | B | A | C | A | V | B | E | O | L |
| J | E | T | D | E | E | I | O | W | S | R | R | N | O | W | J | N | U | M | S | N | D | L | B |
| D | R | E | F | Y | S | L | L | M | G | E | B | I | L | S | B | E | V | I | R | J | A | B | S |
| O | B | R | N | E | E | S | O | N | O | K | N | E | T | I | R | K | U | B | I | M | N | J | T |
| M | W | V | V | R | G | V | I | C | E | K | B | N | B | R | K | O | K | R | S | W | E | A | A |
| L | J | A | N | S | N | N | W | V | I | R | O | M | I | H | L | O | T | M | W | I | W | C | A |
| E | A | N | E | V | O | H | N | E | G | N | A | L | J | C | W | S | A | R | P | W | W | K | K |
| B | N | H | H | M | D | M | U | R | R | A | Y | D | H | V | G | D | H | O | P | R | O | Z | L |
| O | S | S | I | A | R | M | E | N | E | G | U | E | W | J | A | W | J | N | W | W | T | W | I |
| N | E | S | W | U | O | L | K | Y | W | N | A | V | P | N | A | N | N | A | C | I | N | W | S |
| K | N | C | V | G | O | Z | T | R | E | H | P | I | A | D | N | R | B | J | E | B | R | R | U |
| H | T | A | A | R | E | B | H | S | E | I | R | L | N | R | E | E | O | R | B | O | E | M | T |
| A | S | W | M | I | W | O | G | D | E | W | U | L | N | O | V | M | T | W | U | B | W | O | S |
| N | I | L | N | H | D | G | N | T | M | A | A | I | E | L | A | E | H | X | Y | G | G | L | U |
| S | U | N | U | E | C | A | O | I | P | P | N | E | V | T | R | R | A | E | S | W | G | T | J |
| R | O | O | S | Y | R | I | J | S | A | I | T | R | I | S | C | B | O | E | R | N | E | E | F |
| C | L | S | S | B | T | L | E | I | R | K | O | S | S | I | L | U | K | O | R | D | S | N | N |
| O | N | Z | E | J | A | N | D | T | S | S | N | W | A | T | E | R | B | O | E | R | S | O | S |



**Soek die volgende geskiedkundige leiers en helde van Suid-Afrika in die woordblok. Woorde kan horisontaal, vertikaal of diagonaal wees, asook in enige rigting. Leestekens word nie gebruik nie. Die woorde tussen hakies is slegs ter verduideliking.**

ADAM SMALL **AG VISSER** ANNA (NEETHLING POHL) **ANTON (HARTMAN)** (GENL) BEYERS **BOERNEEF**
(PW) BOTHA **(JAN) BRAND** (KARL) BREMER **(JAN) CACHET** CHRIS (BARNARD/HARTDOKTER)
**(GENL) CHRISTIAAN DE WET** CJ LANGENHOVEN **C LOUIS (LEIPOLDT)** COERT (STEYNBERG) **(DR) CONNIE (MULDER)**
(DANIE) CRAVEN **(TW) DE JONGH** (T) DONGES **DR DF (MALAN)** DR OKULIS **EUGENE MARAIS** EYBERS (ELIZABETH)
**(JIJ) FICK** (ABRAHAM) FISHER **(JOPIE) FOURIE** GERT (MARITZ) **(LANG) HANS (VAN RENSBURG)**
(JBM) HERTZOG **INGRID (JONKER)** INNES (ROSE) **J VAN BRUGGEN** JACK (HINDON) **JAN (VAN RIEBEECK)**
JAN VASVAT **(MEV AA) JANSEN** (ADV) JG STRIJDOM **JIM (FOUCHE)** (PIET) JOUBERT **JUSTUS (TSHUNGU)** (BB) KEET
**(ROCCO) KNOBEL** (A) KOK **KOOS (DE LA REY)** (ABRAHAM) KRIEL (KINDERHUISE) **KRUGER (PAUL)**
LAPA (MUNNIK) **(OOM) LOKOMOTIEF** LORD (CHARLES SOMERSET) **(GENL) LOUIS BOTHA** LOUW (WEPENER)
**(R EN LOUIS) LUYT** (LORD) MILNER **ML DE VILLIERS** MODJADJI (REENKONINGIN) **(JC) MOLTENO**
(ANDREW) MURRAY **MW (PRETORIUS)** NELSON MANDELA **NIC (DIEDERICHS)** (W) NICOL **NP VAN WYK LOUW**
ONZE JAN (HOFMEYER) **PANNEVIS** PIET (CRONJE) **PIK (BOTHA)** PROF TJAART (VAN DER WALT) **(OOM) PROZ (ESKY)**
(MEV JM) RAATH **(A) RAS** (PRES) REITZ **(CECIL J) RHODES** (J) RIES **(LF) RIVE** (PAUL) ROOS **(PH) ROUX**
(JW) SAUER **SILKAATS** SIMON (VAN DER STEL) **SITA** (E) SMIT **(JAN) SMUTS** (MT) STEYN **(CR) SWART**
(RF) TEICHMANN **(A) THEILER** (DANIE) THERON **TOTIUS** TSJAKA **UYS (KRIGE)** (DR HF) VERWOERD
**(MARAIS) VILJOEN** (BJ) VORSTER **(M) VOS** WATERBOER (NICOLAAS) **WENA (NAUDE)**


medihelp
'n Mediese fonds in Aksie
Kry betroubare mediese dekking by Medihelp.
Ons toegewyde diens en jare se ervaring verseker dat jy in beheer van jou gesondheid bly.
Gesels vandag nog met ons.
SMS 'Kontak' na 32291
vir 'n Medihelp-plan wat by jou en jou gesin se behoeftes pas.
'n SMS kos R1. Gratis minute en SMS-bondels is nie van toepassing nie. Bepalings en voorwaardes geld. Medihelp is 'n gemagtigde verskaffer van finansiële dienste (FSP No 15738)




Kontak ons gerus vir meer inligting:
0861 101 005
www.sfdienste.co.za
admin@sfdienste.co.za

**SFD**
Solidariteit Finansiële Dienste